Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)
BUITELANDS 40c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 195] KAAPSTAD, 9 SEPTEMBER 1981 CAPE TOWN, 9 SEPTEMBER 1981 [No. 7760

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1819. 9 September 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 54 van 1981: Wet op Beheer van Effektetrustskemas, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1819. 9 September 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 54 of 1981: Unit Trusts Control Act, 1981.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ACT

To consolidate the laws relating to the regulation and control of the establishment, carrying on and management of certain trust schemes relating to securities; and the prohibition of analogous schemes relating to other assets; and to provide for incidental matters.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 18 August 1981.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "approved securities" means securities issued or guaranteed by the Government of the Republic or issued by any local authority in the Republic, the Land and Agricultural Bank of South Africa, the Rand Water Board or the Electricity Supply Commission, or such other securities as the registrar may have approved for the purposes of this Act; (xi)

(ii) "compulsory charge" means any fiscal charge in connection with the creation and issue of units and any necessary charge payable for the benefit of a person other than the management company concerned or its agents (not being members of a recognized stock exchange) in connection with the acquisition of the underlying securities included or to be included in a unit portfolio; (xxv)

(iii) "fixed property company" means a company all the issued shares of which are included in a unit portfolio, and the principal business of which consists in the acquisition and holding of urban immovable property or such other immovable property as the registrar may have approved; (xxiv)

(iv) "income accruals" means any dividends or interest or any other income for distribution received by the trustee or the management company on behalf of holders of units in the course of any income distribution period or carried forward from any previous income distribution period or due to such holders in respect of dividend or interest or any other income declarations made but not yet distributed; (xiv)

(v) "initial charge", in relation to a unit, means that portion of the selling price of the unit which represents the management company's charges in respect of expenditure incurred and work performed by it in connection with the formation and issue of such unit, but does not include any compulsory charge; (i)

(vi) "licensed stock exchange" means a stock exchange licensed under the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947); (x)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WET

Tot samevatting van die wetsbepalings betreffende die reëling van en beheer oor die instelling, voortsetting en bestuur van sekere trustskemas met betrekking tot effekte; en die verbod op gelyksoortige skemas met betrekking tot ander bates; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 18 Augustus 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „aanvangsheffing", met betrekking tot 'n onderaandeel, daardie gedeelte van die verkoopprys van die onderaandeel wat die bestuursmaatskappy se vorderings verteenwoordig ten opsigte van koste deur hom aangegaan en werk deur hom verrig in verband met die skepping en uitreiking van daardie onderaandeel, maar nie ook verpligte koste nie; (v)

(ii) „bestuursmaatskappy", met betrekking tot 'n effektetrustskema, die maatskappy wat die skema bestuur of beheer en onderaandeelsertifikate ingevolge daarvan uitreik; (ix)

(iii) „beurseffekte" effekte wat deur 'n erkende effektebeurs genoteer word en waarin aldaar besigheid gedryf kan word, en waarvan die pryse in 'n lys vir publikasie deur so 'n effektebeurs uitgereik, gekwoteer word; (xviii)

(iv) „diensgeld" die periodieke vordering wat van die inkomste wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval, afgetrek kan word om die bestuursmaatskappy vir die bestuur van 'n effektegroep te vergoed, en wat in die betrokke trustakte aangedui word as 'n persentasie van die gemiddelde maandelikse markwaarde, bereken volgens die markwaardes aan die einde van elke maand, van die totale bates (behalwe inkomstetoevallings) waaruit die effektegroep bestaan gedurende die inkomste-uitkeringstydperk ten opsigte waarvan die vordering gehef word; (xvii)

(v) „effekte" aandele, effekte, skuldbriewe en obligasies en ook ongedekte skuldbriewe, hetsy hulle inherente opsieregte het of omsitbaar is al dan nie; (xvi)

(vi) „effektegroep" of „groep" 'n groep effekte waarin lede van die publiek deur 'n bestuursmaatskappy uitgenooi of toegelaat word om onderaandele ingevolge 'n effektetrustskema te verkry, en ook bedrae in kontant wat deel van die bates met betrekking tot daardie effektegroep uitmaak; (xxiv)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(vii) "liquid assets" means the aggregate amount of such approved securities, deposits and other assets (including Reserve Bank notes and subsidiary coin) as the registrar may by notice in the *Gazette* determine for the purposes of this definition; (xvi)

(viii) "made-up price", in relation to the price of a unit at a particular date, means an amount representing the proportionate part of the aggregate value of the underlying securities comprised in the unit portfolio in question, determined in accordance with the market prices of such securities which are used by the management company as the basis for calculating the selling price of the unit as at that date plus amounts calculated to cover income accruals, compulsory charges and the management company's initial charge; (xv)

(ix) "management company", in relation to a unit trust scheme, means the company which manages or controls the scheme and issues unit certificates thereunder; (ii)

(x) "Minister" means the Minister of Finance; (xvii)

(xi) "prescribed" means prescribed by regulation or, in relation to any form to be used for the purposes of this Act, means prescribed by the registrar; (xxvi)

(xii) "property shares" means securities in and of a fixed property company; (viii)

(xiii) "recognized stock exchange" means a stock exchange licensed under the Stock Exchanges Control Act, 1947, or a stock exchange outside the Republic recognized by the registrar for the purposes of this Act; (ix)

(xiv) "registrar" means the Registrar of Unit Trust Companies appointed under section 2; (xx)

(xv) "regulation" means a regulation made under this Act; (xxi)

(xvi) "securities" means shares, stock, debentures, debenture stock and debenture bonds, and includes unsecured notes, whether or not they have inherent option rights or are convertible; (v)

(xvii) "service charge" means the periodical charge permitted to be deducted from the income accruing to the holders of unit certificates, to remunerate the management company for managing a unit portfolio, expressed in the relevant trust deed as a percentage of the average month-end market value of the total assets (excluding income accruals) comprising the unit portfolio during the income distribution period for which the charge is levied; (iv)

(xviii) "stock exchange securities" means securities which are listed and authorized to be dealt in on a recognized stock exchange, and the prices of which are quoted in a list issued for publication by such stock exchange; (iii)

(xix) "this Act" includes the regulations; (xiii)

(xx) "trust deed", in relation to a unit trust scheme, means the agreement between the management company and the trustee constituting the trust for the purposes of the scheme; (xxiii)

(xxi) "underlying securities", in relation to a unit portfolio, means the securities comprised in or constituting the unit portfolio and includes any moneys derived or resulting from the management of the unit portfolio which are held by or are due to the management company or the trustees for the benefit of the holders of unit certificates in that unit portfolio; (xii)

(xxii) "unit" means any interest or undivided share (whether called a unit or by any other name, and whether the value of such interest or share remains constant or varies from time to time) which may be acquired by an investor in a unit portfolio; (xviii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(vii) ,,effekte-trustskema" of ,,trustskema" 'n skema of reëling van die aard van 'n trust, ingevolge waarvan lede van die publiek uitgenooi of toegelaat word om as bevoordeeldes ingevolge die trust, 'n belang of onverdeelde aandeel (of dit 'n onderaandeel dan wel iets anders genoem word) in een of meer effektegroepe te verkry en om eweredig in die daaruit verkreë inkomste of winste te deel; (xxv)

(viii) ,,eiendomsaandele" effekte in en van 'n vaste-eiendomsmaatskappy; (xii)

(ix) ,,erkende effektebeurs" 'n effektebeurs gelisensieer kragtens die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), of 'n effektebeurs buite die Republiek wat die registrateur vir die doeleindes van hierdie Wet erken; (xiii)

(x) ,,gelisensieerde effektebeurs" 'n effektebeurs gelisensieer kragtens die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947; (vi)

(xi) ,,goedgekeurde effekte" effekte deur die Regering van die Republiek uitgegee of gewaarborg of deur 'n plaaslike bestuursliggaam in die Republiek, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, die Randwaterraad of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie uitgegee, of sodanige ander effekte as wat die registrateur vir die doeleindes van hierdie Wet goedgekeur het; (i)

(xii) ,,groepvormende effekte", met betrekking tot 'n groep, die effekte wat in daardie groep opgeneem is of waaruit daardie groep bestaan, en ook geld wat uit die bestuur van die effektegroep verkry is of daaruit voortspruit en wat deur die bestuursmaatskappy of die trustees gehou word of aan hulle toekom ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate in daardie effektegroep; (xxi)

(xiii) ,,hierdie Wet" ook die regulasies; (xix)

(xiv) ,,inkomstetoevallings" enige diwidende of rente of enige ander inkomste vir uitkering wat deur die trustee of die bestuursmaatskappy ten behoewe van die besitters van onderaandele gedurende 'n inkomste-uitkeringstydperk ontvang is of van 'n vorige sodanige tydperk oorgedra is of aan sodanige besitters toekom ten aansien van diwidende of rente of enige ander toedelings van inkomste wat gemaak maar nog nie uitgekeer is nie; (iv)

(xv) ,,insetprys", met betrekking tot die prys van 'n onderaandeel op 'n bepaalde datum, 'n bedrag verteenwoordigende die eweredige gedeelte van die totaalwaarde van die groepvormende effekte waaruit die betrokke effektegroep bestaan, bepaal ooreenkomstig die markpryse van bedoelde effekte wat deur die bestuursmaatskappy as basis gebruik word by die berekening van die verkoopprys van die onderaandeel op daardie datum, met byrekening van bedrae bereken om inkomstetoevallings, verpligte koste en die bestuursmaatskappy se aanvangsheffing te dek; (viii)

(xvi) ,,likwiede bates" die totale bedrag van sodanige goedgekeurde effekte, deposito's en ander bates (met inbegrip van Reserwebanknote en pasmunt) as wat die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* vir die doeleindes van hierdie omskrywing mag bepaal; (vii)

(xvii) ,,Minister" die Minister van Finansies; (x)

(xviii) ,,onderaandeel" 'n belang of onverdeelde aandeel (hetsy dit 'n onderaandeel of iets anders genoem word, en hetsy die waarde van so 'n belang of aandeel bestendig bly of van tyd tot tyd verander) wat deur 'n belegger in 'n effektegroep verkry kan word; (xxii)

(xix) ,,onderaandeelsertifikaat" 'n dokument wat as bewys dien van die eiendomsreg van die besitter daarvan op een of meer onderaandele wat in 'n effektegroep deur hom verkry is; (xxiii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xxiii) "unit certificate" means a document which serves as evidence of the title of the holder thereof to one or more units acquired by him in a unit portfolio; (xix)

(xxiv) "unit portfolio" means a group of securities in which members of the public are invited or permitted by a management company to acquire units pursuant to a unit trust scheme, and includes any amounts in cash forming part of the assets pertaining to such unit portfolio; (vi)

(xxv) "unit trust scheme" means any scheme or arrangement in the nature of a trust in pursuance of which members of the public are invited or permitted, as beneficiaries under the trust, to acquire an interest or undivided share (whether called a unit or by any other name) in one or more unit portfolios and to participate proportionately in the income or profits derived therefrom; (vii)

(xxvi) "urban immovable property" means any piece of land registered as an erf, lot or stand in a deeds registry, including the office of the Rand Townships Registrar, which is situated in a township within the meaning assigned thereto in section 1 of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act No. 21 of 1940). (xxii)

Appointment and functions of registrar of unit trust companies.

2. (1) *(a)* The Minister may, subject to the laws governing the public service, appoint—

(i) an officer, to be styled the Registrar of Unit Trust Companies, who shall exercise the powers and perform the duties assigned to the registrar under this Act; and

(ii) an officer, to be styled the Deputy Registrar of Unit Trust Companies, who may, subject to the control and directions of the registrar, do anything which may lawfully be done by the registrar.

(b) Any reference in this Act to the registrar shall be construed to include a reference to the Deputy Registrar of Unit Trust Companies appointed under paragraph *(a)* (ii).

(2) The registrar shall discharge his functions subject to an appeal to the Minister.

(3) *(a)* An appeal to the Minister in terms of this section shall be lodged and prosecuted in the manner and within the period prescribed.

(b) The Minister may confirm, set aside or vary the decision appealed against, and the Minister's decision on such appeal shall, for the purposes of this Act, be deemed to be the decision of the registrar.

PART I

UNIT TRUST SCHEMES IN SECURITIES OTHER THAN PROPERTY SHARES

Restrictions on management of unit trust schemes.

3. (1) No person other than a company which has been registered as a management company under section 4 shall manage or carry on any unit trust scheme in securities other than property shares or issue unit certificates thereunder.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xx) ,,registrateur" die Registrateur van Effekte-trustmaatskappye kragtens artikel 2 aangestel; (xiv)

(xxi) ,,regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is; (xv)

(xxii) ,,stedelike vaste eiendom" 'n stuk grond wat as 'n erf, perseel of standplaas in 'n registrasiekantoor van aktes, met inbegrip van die kantoor van die Registrateur van Randdorpe, geregistreer is, en wat geleë is in 'n dorp binne die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 1 van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940); (xxvi)

(xxiii) ,,trustakte", met betrekking tot 'n effekte-trustskema, die ooreenkoms tussen die bestuursmaatskappy en die trustee waardeur die trust vir die doeleindes van die skema ingestel word; (xx)

(xxiv) ,,vaste-eiendomsmaatskappy" 'n maatskappy waarvan al die uitgereikte aandele in 'n effektegroep opgeneem is en waarvan die vernaamste besigheid is om stedelike vaste eiendom of sodanige ander vaste eiendom as wat die registrateur goedgekeur het, te verkry en te besit; (iii)

(xxv) ,,verpligte koste" enige belastingvordering in verband met die skepping en uitreiking van onderaandele en enige noodsaaklike vordering betaalbaar vir die voordeel van 'n ander persoon as die betrokke bestuursmaatskappy of sy agente (wat nie lede van 'n erkende effektebeurs is nie) in verband met die verkryging van die groepvormende effekte wat in 'n effektegroep ingesluit is of staan te word; (ii)

(xxvi) ,,voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf of, met betrekking tot 'n vorm wat vir die doeleindes van hierdie Wet gebruik moet word, deur die registrateur voorgeskryf. (xi)

Aanstelling en werksaamhede van registrateur van effekte-trustmaatskappye.

2. (1) *(a)* Die Minister kan, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens—

(i) 'n beampte aanstel wat die Registrateur van Effekte-trustmaatskappye heet en die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat ingevolge hierdie Wet aan die registrateur toegewys word; en

(ii) 'n beampte aanstel wat die Adjunk-registrateur van Effekte-trustmaatskappye heet en onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die registrateur enigiets kan doen wat die registrateur wettig kan doen.

(b) 'n Verwysing in hierdie Wet na die registrateur word uitgelê as 'n verwysing ook na die Adjunk-registrateur van Effekte-trustmaatskappye kragtens paragraaf *(a)* (ii) aangestel.

(2) Die registrateur verrig sy werksaamhede onderworpe aan 'n appèl na die Minister.

(3) *(a)* 'n Appèl na die Minister ingevolge hierdie artikel word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tyd aangeteken en voortgesit.

(b) Die Minister kan die beslissing waarteen geappelleer word, bekragtig, ter syde stel of wysig, en die beslissing van die Minister by so 'n appèl, word by die toepassing van hierdie Wet geag die beslissing van die registrateur te wees.

DEEL I

EFFEKTE-TRUSTSKEMAS IN ANDER EFFEKTE AS EIENDOMSAANDELE

Beperkings op bestuur van effekte-trustskemas.

3. (1) Geen ander persoon as 'n maatskappy wat kragtens artikel 4 as 'n bestuursmaatskappy geregistreer is, mag 'n effekte-trustskema in ander effekte as eiendomsaandele bestuur of voortsit of onderaandeelsertifikate ingevolge daarvan uitreik nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) No company other than a company which—

(a) is registered as a public company under the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973); and

(b) has a paid-up share capital and a capital reserve which together amount to not less than R600 000 actually employed or immediately available for employment in its unit trust business,

shall be or remain registered as a management company under section 4: Provided that the registrar may in his discretion, and on such conditions as he may deem fit, exempt any registered management company from compliance with the requirements of paragraph *(b)*, for such a period, not exceeding six months, as he may determine.

(3) A management company which has not been exempted under the proviso to subsection (2), shall, if at any time it ceases to comply with the requirements of paragraph *(b)* of that subsection, within a period of three months thereafter in writing report to the registrar to that effect.

(4) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

Procedure in connection with registration of management companies.

4. (1) Every company which desires to be registered as a management company under this Act shall lodge with the registrar an application for such registration in the prescribed manner and form and disclosing the prescribed particulars.

(2) The registrar may call upon any company which has applied for registration under subsection (1) to furnish him with any further information which is relevant to the application.

(3) If the registrar is satisfied—

(a) that the trust deed which the management company proposes to enter into for the purposes of the unit trust scheme in question does not contain anything inconsistent with the provisions of this Act and is based on sound financial principles;

(b) that the proposed trustees are qualified under this Act to act as trustees; and

(c) that the manner in which the business of the applicant company is to be carried on is not inconsistent with the provisions of this Act and is based on sound financial principles,

he shall, subject to the provisions of subsection (4), register the applicant as a management company and issue to it a certificate of registration in the prescribed form.

(4) The registrar shall not register any company as a management company under this section unless he is satisfied that the general financial and commercial standing of, and the nature of the business conducted by, such company are such as to fit it for assuming the duties and responsibilities of a management company and that its registration as a management company will be in the public interest.

Cancellation or suspension of registration of management company.

5. (1) The registrar may at any time, subject to the provisions of subsection (2), cancel the registration of a company as a management company under this Act—

(a) if he is satisfied that the company has contravened or failed or neglected to comply with any provision of this Act with which it is its duty to comply, or with any direction or requirement lawfully given or imposed under this Act, and that such failure or neglect has resulted or is calculated to result in serious prejudice to the interests of the public at large or of the holders of unit certificates issued by the company;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Geen ander maatskappy as 'n maatskappy wat—

(a) as 'n publieke maatskappy kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), geregistreer is; en

(b) 'n opbetaalde aandelekapitaal en 'n kapitaalreserwe wat gesamentlik nie minder as R600 000 bedra nie het wat werklik in sy effekte-trustbesigheid gebruik word of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar is,

mag kragtens artikel 4 as 'n bestuursmaatskappy geregistreer word of bly nie: Met dien verstande dat die registrateur na goeddunke, en op die voorwaardes wat hy goedvind, 'n geregistreerde bestuursmaatskappy vir 'n tydperk van hoogstens ses maande deur hom bepaal van voldoening aan die vereistes van paragraaf *(b)* kan vrystel.

(3) 'n Bestuursmaatskappy wat nie ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) vrygestel is nie, moet, indien hy te eniger tyd ophou om aan die vereistes van paragraaf *(b)* van daardie subartikel te voldoen, binne 'n tydperk van drie maande daarna 'n skriftelike verslag te dien effekte by die registrateur indien.

(4) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

Prosedure in verband met registrasie van bestuursmaatskappye.

4. (1) Elke maatskappy wat verlang om as 'n bestuursmaatskappy kragtens hierdie Wet geregistreer te word, moet 'n aansoek om sodanige registrasie wat die voorgeskrewe gegewens verstrek, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die registrateur indien.

(2) Die registrateur kan 'n maatskappy wat kragtens subartikel (1) om registrasie aansoek gedoen het, aansê om enige verdere gegewens wat op die aansoek betrekking het, aan hom te verstrek.

(3) As die registrateur oortuig is—

(a) dat die trustakte wat die bestuurmaatskappy voornemens is om vir die doeleindes van die betrokke effekte-trustskema aan te gaan, niks bevat wat met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie en op gesonde finansiële beginsels berus;

(b) dat die voorgestelde trustees kragtens hierdie Wet bevoeg is om as trustees op te tree; en

(c) dat die wyse waarop die sake van die aansoekdoenende maatskappy bestuur gaan word, nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie en op gesonde finansiële beginsels berus,

moet hy behoudens die bepalings van subartikel (4) die aansoeker as 'n bestuursmaatskappy registreer en 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan hom uitreik.

(4) Die registrateur registreer nie 'n maatskappy as 'n bestuursmaatskappy ingevolge hierdie artikel nie tensy hy oortuig is dat die maatskappy uit hoofde van sy algemene finansiële en handelstand en die aard van die besigheid deur hom gedryf, toegerus is om die pligte en verantwoordelikhede van 'n bestuursmaatskappy te aanvaar en dat sy registrasie as 'n bestuursmaatskappy in die openbare belang sal wees.

Intrekking of skorsing van registrasie van bestuursmaatskappy.

5. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) kan die registrateur die registrasie van 'n maatskappy as 'n bestuursmaatskappy kragtens hierdie Wet te eniger tyd intrek—

(a) indien hy oortuig is dat die maatskappy een of ander bepaling van hierdie Wet waaraan hy verplig is om te voldoen, of 'n wettig kragtens hierdie Wet gegewe lasgewing of gestelde vereiste, verontagsaam het of versuim het om daaraan te voldoen, en dat sodanige verontagsaming of versuim uitgeloop het of bereken word om uit te loop op ernstige benadeling van die belange van die publiek in die algemeen of van die besitters van onderaandeelsertifikate deur die maatskappy uitgereik;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) if he is satisfied, after an investigation in terms of section 26 has been held, that the manner in which the business of the company is carried on is unsatisfactory or not calculated to serve the best interests of such holders of unit certificates;

(c) if it appears that the registration was obtained through fraud on the part of the management company; or

(d) in the event of the company being wound up, either voluntarily or by the court,

or may, on any ground mentioned in paragraph *(a)* or *(b)*, suspend its registration for a period not exceeding 12 months at a time.

(2) The registrar shall not cancel or suspend the registration of a management company for any reason mentioned in subsection (1) *(a)*, *(b)* or *(c)* unless he has—

(a) notified the company concerned of his intention and of the grounds upon which he proposes to do so;

(b) allowed the company to make any representations to him which it may wish to make in connection with the proposed cancellation or suspension; and

(c) at the company's request, afforded it a reasonable opportunity of rectifying or eliminating the defect or irregularity complained of.

(3) *(a)* If a management company whose registration has been cancelled or suspended under subsection (1) *(a)*, *(b)* or *(c)* has appealed to the Minister against the cancellation or suspension, and the Minister has upheld the registrar's decision wholly or in part, the management company shall have the right to appeal against the Minister's decision to the Provincial or Local Division of the Supreme Court having jurisdiction in the place where the head office of the management company is situated and the court may confirm or set aside the Minister's decision or may vary it by making any order which it would have been competent for the registrar to make under subsection (1), and the decision of the court shall, for the purposes of this Act, be deemed to be the decision of the registrar.

(b) The time within which an appeal under paragraph *(a)* shall be lodged and prosecuted, and the procedure to be followed by the parties in connection with such appeal, shall be as prescribed.

(4) Every application for re-registration as a management company by a company whose registration has been cancelled under this section shall be dealt with in all respects as if it were an application for registration by a company which was not, at the commencement of this Act, managing a unit trust scheme in securities other than property shares.

(5) If the registration of a management company is cancelled in terms of subsection (1) *(a)*, *(b)* or *(c)*, the provisions of this Act with regard to the continuance or the winding-up of the unit trust scheme in the event of the winding-up of the management company shall *mutatis mutandis* apply: Provided that the registrar may in any such case direct the former management company to defray in whole or in part the expenses incurred in continuing the management of the unit trust scheme, or in realizing any of the underlying securities, as also any commission to which a trustee or a person appointed to take over the duties and obligations of a trustee may be entitled under section 28.

(6) If the registration of a management company has been suspended under subsection (1), the company shall not, during the period of suspension, issue any fresh unit certificates, but shall, in respect of certificates already issued, continue the management of the unit trust scheme and deal with such

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) indien hy oortuig is, na afloop van 'n ondersoek kragtens artikel 26, dat die wyse waarop die sake van die maatskappy bestuur word, onbevredigend is of nie daarop bereken is om die belange van die besitters van sodanige sertifikate ten beste te dien nie;

(c) indien dit blyk dat die registrasie deur bedrog aan die kant van die bestuursmaatskappy verkry is; of

(d) ingeval die maatskappy òf deur die hof òf vrywillig gelikwideer word,

of kan, op enige in paragraaf *(a)* of *(b)* vermelde grond, die registrasie van die maatskappy vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande op 'n keer skors.

(2) Die registrateur mag nie die registrasie van 'n bestuursmaatskappy op 'n in subartikel (1) *(a)*, *(b)* of *(c)* vermelde grond intrek of skors nie tensy hy—

(a) die betrokke maatskappy van sy voorneme en van die gronde waarop hy voornemens is om bedoelde stap te doen, in kennis gestel het;

(b) die maatskappy toegelaat het om enige vertoë wat laasgenoemde mag verlang om in verband met die voorgestelde intrekking of skorsing te doen, aan hom te rig; en

(c) die maatskappy, op sy versoek, 'n redelike geleentheid gegee het om die gebrek of onreëlmatigheid waarteen beswaar gemaak word, te herstel of uit die weg te ruim.

(3) *(a)* Indien 'n bestuursmaatskappy waarvan die registrasie ingevolge subartikel (1) *(a)*, *(b)* of *(c)* ingetrek of geskors is, teen die intrekking of skorsing na die Minister geappelleer het, en die Minister die registrateur se beslissing geheel of ten dele gehandhaaf het, het die bestuursmaatskappy die reg om teen die Minister se beslissing te appelleer na die Provinsiale of Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid besit in die plek waar die hoofkantoor van die bestuursmaatskappy geleë is, en die hof kan die Minister se beslissing bekragtig of tersyde stel of dit wysig deur enige bevel te verleen wat die registrateur kragtens subartikel (1) sou kon verleen het, en by die toepassing van hierdie Wet word die beslissing van die hof geag die beslissing van die registrateur te wees.

(b) Die termyn waarbinne 'n appèl kragtens paragraaf *(a)* aangeteken en voortgesit moet word, en die prosedure wat deur die partye in verband met so 'n appèl gevolg moet word, is soos voorgeskryf.

(4) Elke aansoek om herregistrasie as 'n bestuursmaatskappy deur 'n maatskappy waarvan die registrasie kragtens hierdie artikel ingetrek is, word in alle opsigte behandel asof dit 'n aansoek om registrasie is deur 'n maatskappy wat hom nie by die inwerkingtreding van hierdie Wet met die bestuur van 'n trustskema in ander effekte as eiendomsaandele besig gehou het nie.

(5) Indien die registrasie van 'n bestuursmaatskappy ingevolge subartikel (1) *(a)*, *(b)* of *(c)* ingetrek word, is die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot die voortsetting of die likwidasie van die effekte-trustskema in die geval van die likwidasie van die bestuursmaatskappy *mutatis mutandis* van toepassing: Met dien verstande dat die registrateur in so 'n geval die voormalige bestuursmaatskappy kan gelas om die koste wat by die voortsetting van die bestuur van die effekte-trustskema of by die tegeldemaking van die groepvormende effekte beloop word, asook enige kommissie waarop 'n trustee of 'n persoon aangestel om die pligte en verpligtings van 'n trustee oor te neem, ingevolge artikel 28 geregtig mag wees, in sy geheel of ten dele te dra.

(6) Indien die registrasie van 'n bestuursmaatskappy ingevolge subartikel (1) geskors is, mag die maatskappy nie, solank die skorsing voortduur, nuwe onderaandeelsertifikate uitreik nie, maar moet hy, ten opsigte van reeds uitgereikte sertifikate, die bestuur van die effekte-trustskema voortsit en in alle opsigte met

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

certificates in all respects as it would have been bound to do had its registration not been suspended.

Nature of securities which may be included in unit portfolios.

6. (1) No management company shall sell or offer for sale any unit if—

(a) at the date on which that unit was created by such company, the unit portfolio to which that unit relates included—

(i) securities (other than approved securities) issued by any one concern to an amount in excess of five per cent of the market value of all the securities comprised in the unit portfolio, except in so far as the excess is due to appreciations or depreciations of the value of the underlying securities comprised in that unit portfolio, but subject to the reservation that so long as the market value of an investment in any particular concern exceeds the limit specified in this subparagraph, the management company shall not purchase any further investments in the concern affected; or

(ii) securities of any one class (other than approved securities) issued by any one concern to an amount in excess of five per cent of the aggregate amount representing all the securities of that class issued by that concern, or, in the case of securities in any investment company, 10 per cent of the aggregate amount of the issued securities of any one class in such company, except in so far as the excess is due to an amalgamation, cession, transfer or take-over in terms of section 24, but subject to the condition that—

(aa) the management company shall not make any further investments in securities of the class in question as long as the said five or 10 per cent, as the case may be, is exceeded;

(bb) the management company shall within 12 months after the date on which such amalgamation, cession, transfer or take-over becomes effective or within such further period as the registrar may determine from time to time, reduce the securities of the class in question to at least the said five or 10 per cent, as the case may be; and

(b) the securities included in the unit portfolio to which the unit relates do not consist, to the extent of at least 95 per cent of market value, of stock exchange securities or of securities (other than stock exchange securities) acquired by the management company pursuant to the exercise of rights attaching to any stock exchange securities included in the unit portfolio.

(2) Every management company, other than a management company in property shares, shall include in every unit portfolio liquid assets with an aggregate market value of not less than five per cent of the aggregate market value of all the assets comprised in the unit portfolio or, if any other percentage, whether greater or smaller, is prescribed by regulation for the purpose of this subsection, the percentage so prescribed from time to time: Provided that the registrar may exempt a management company at the latter's request from the provisions of this subsection to such extent and for such period and on such conditions as he may determine.

(3) If a security, other than a security referred to in subsection (1) *(b)*, does not become a stock exchange security within a period of one year from the date of its inclusion in a unit portfolio, or within such further period as the registrar may allow where he is satisfied that the security is likely to become a

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

sodanige sertifikate handel soos hy verplig sou gewees het om te doen as sy registrasie nie geskors was nie.

Aard van effekte wat in groepe opgeneem mag word.

6. (1) 'n Bestuursmaatskappy mag geen onderaandeel verkoop of te koop aanbied nie indien—

(a) op die datum waarop daardie onderaandeel deur bedoelde maatskappy geskep is, die effektegroep waarop daardie onderaandeel betrekking het—

(i) effekte (behalwe goedgekeurde effekte) uitgereik deur 'n bepaalde onderneming ingesluit het wat meer as vyf persent bedra van die markwaarde van al die effekte wat in die effektegroep opgeneem is, behalwe vir sover die oorskryding te wyte is aan toename of afname in die waarde van die groepvormende effekte wat in daardie effektegroep opgeneem is, maar onderworpe aan die voorbehoud dat solank die markwaarde van 'n belegging in 'n bepaalde onderneming die in hierdie subparagraaf vermelde perke oorskry, die bestuursmaatskappy geen verdere beleggings in die betrokke onderneming mag maak nie; of

(ii) effekte van 'n besondere kategorie (behalwe goedgekeurde effekte) uitgereik deur 'n bepaalde onderneming ingesluit het wat meer bedra as vyf persent van die totale bedrag verteenwoordigende al die effekte van daardie kategorie deur bedoelde onderneming uitgereik, of, in die geval van effekte in enige beleggingsmaatskappy, 10 persent van die totale bedrag van uitgereikte effekte van enige besondere kategorie in bedoelde maatskappy, behalwe vir sover die oorskryding te wyte is aan 'n samesmelting, sessie, oordrag of oorname ingevolge artikel 24, maar onderworpe aan die voorbehoud dat—

(aa) so lank as wat bedoelde vyf of 10 persent, na gelang van die geval, oorskry word, die bestuursmaatskappy geen verdere beleggings in effekte van die betrokke kategorie mag maak nie;

(bb) die bestuursmaatskappy binne 12 maande na die datum waarop daardie samesmelting, sessie, oordrag of oorname van krag word of binne die verdere tydperk wat die registrateur van tyd tot tyd bepaal, die effekte van die betrokke kategorie moet verminder tot ten minste bedoelde vyf of 10 persent, na gelang van die geval; en

(b) minder as 95 persent van die markwaarde van die effekte opgeneem in die effektegroep waarop die onderaandeel betrekking het, bestaan uit beurseffekte of uit effekte (behalwe beurseffekte) deur die bestuursmaatskappy verkry ingevolge die uitoefening van regte verbonde aan enige beurseffekte in die effektegroep opgeneem.

(2) 'n Bestuursmaatskappy, behalwe 'n bestuursmaatskappy in eiendomsaandele, sluit by elke effektegroep likwiede bates in met 'n gesamentlike markwaarde van minstens vyf persent van die totale markwaarde van al die bates wat in die effektegroep opgeneem is of, indien 'n ander persentasie, hetsy groter of kleiner, vir die doel van hierdie subartikel by regulasie voorgeskryf word, die persentasie wat aldus van tyd tot tyd voorgeskryf is: Met dien verstande dat die registrateur 'n bestuursmaatskappy op laasgenoemde se versoek van die bepalings van hierdie subartikel kan vrystel in die mate en vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal.

(3) Indien ander effekte as in subartikel (1) *(b)* bedoelde effekte nie binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van die insluiting daarvan in 'n effektegroep, of binne so 'n verdere tydperk as wat die registrateur mag toestaan waar hy oortuig is dat die effekte waarskynlik binne 'n redelike tyd beurseffekte sal

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

stock exchange security within a reasonable period, the management company concerned shall substitute stock exchange securities for such securities at either the value at which they were included in the unit portfolio or the price which can be obtained for them, whichever is the higher.

(4) For the purposes of this section, "investment company" means a company which is engaged primarily in the business of investment in the shares and stocks of other companies for the purpose of revenue and profit and not for the purpose of exercising control, and which has been approved by the registrar.

Determination of market value.

7. (1) Whenever a management company is unable to determine a market price for stock excange securities for the purposes of a unit trust scheme, a fair market price for such securities shall at the request of such management company be determined by a stock-broker who is a member of a licensed stock exchange.

(2) If such management company does not agree with the price determined by any such stock-broker, it shall refer the matter to the committee of the stock exchange concerned, which shall thereupon determine the fair market price for such securities and whose decision shall be final.

Initial size of unit portfolio.

8. Every unit portfolio formed pursuant to a unit trust scheme which contemplates the creation of an unlimited number of units in such unit portfolio, shall comprise, as at the date on which the management company commences the selling of units to the public, underlying securities and cash to the market value of at least R500 000.

Management company to make investment in every unit portfolio.

9. Every management company shall of its own resources have at all times invested in every unit portfolio an amount equal to at least 10 per cent of the value of the underlying securities in such unit portfolio, and shall hold the units in respect of such investment as beneficial owner: Provided that the registrar may, on application by a management company, determine that the amount so invested by that company shall not be required to exceed R200 000.

Accounts and returns to be kept and rendered by management company.

10. (1) Every management company shall not less than once in every year transmit to every holder of a unit certificate in the unit trust scheme managed by that company, and to the registrar, a duly audited balance sheet and account of income and expenditure and such other statements as may be necessary, in regard to the operation of that scheme during the period which ended not more than three months before the date on which such balance sheet, account and statements are so transmitted, and in regard to its position as at the end of that period, reflecting *inter alia*—

(a) the management company's capital resources actually employed or immediately available for employment for the purposes of the scheme;

(b) the amount actually invested or employed by the management company from its own resources in every unit portfolio;

(c) in respect of every unit portfolio, the total market value of each of the several securities included in that unit portfolio, and the value of each of those securities expressed—

(i) as a percentage of the total value of assets in the unit portfolio concerned; and

(ii) as a percentage of the total amount of securities of that class issued by the concern in which the investment is held,

and indicating which of such securities are stock exchange securities and which are not, as well as the amount of cash held in the unit portfolio;

(d) the amount of the dividends and interest and any other income for distribution which have accrued to the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

word, beurseffekte word nie, moet die betrokke bestuursmaatskappy daardie effekte deur beurseffekte vervang òf teen die waarde waarteen hulle in die effektegroep ingesluit is òf teen die prys wat daarvoor verkry kan word, watter ook al die hoogste is.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken ,,beleggingsmaatskappy'' 'n maatskappy waarvan die besigheid hoofsaaklik bestaan uit beleggings in die aandele en effekte van ander maatskappye met die doel om inkomste en wins te verkry, en nie ten einde beheer uit te oefen nie, en wat deur die registrateur goedgekeur is.

Vasstelling van markwaarde.

7. (1) Wanneer 'n bestuursmaatskappy nie in staat is om 'n markprys vir beurseffekte vir die doeleindes van 'n effektetrustskema te bepaal nie, moet 'n billike markprys vir die betrokke effekte op versoek van die bestuursmaatskappy deur 'n effektemakelaar wat lid is van 'n gelisensieerde effektebeurs bepaal word.

(2) Indien die betrokke bestuursmaatskappy nie met die prys deur so 'n effektemakelaar bepaal, instem nie, verwys die maatskappy die saak na die komitee van die betrokke effektebeurs, wat dan die billike markprys vir bedoelde effekte bepaal, en sy beslissing is afdoende.

Aanvanklike grootte van effektegroep.

8. Elke effektegroep gevorm ingevolge 'n effekte-trustskema wat die skepping van 'n onbeperkte getal onderaandele in daardie effektegroep beoog moet op die datum waarop die bestuursmaatskappy onderaandele aan die publiek begin verkoop, uit groepvormende effekte en kontant tot die markwaarde van minstens R500 000 bestaan.

Bestuursmaatskappy moet belegging in elke effektegroep maak.

9. Elke bestuursmaatskappy moet te alle tye uit sy eie middele in elke effektegroep beleggings ter waarde van minstens 10 persent van die waarde van die groepvormende effekte in daardie effektegroep besit, en die onderaandele ten opsigte van sodanige beleggings as belanghebbende eienaar hou: Met dien verstande dat die registrateur op aansoek deur 'n bestuursmaatskappy kan bepaal dat die bedrag aldus deur daardie maatskappy belê, nie R200 000 hoef te oorskry nie.

Rekenings en opgawes wat deur bestuursmaatskappy gehou en verstrek moet word.

10. (1) Elke bestuursmaatskappy moet minstens een maal in elke jaar aan elke besitter van 'n onderaandeelsertifikaat in die effekte-trustskema wat daardie maatskappy bestuur, en aan die registrateur, 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en inkomste- en uitgawerekening en die ander state wat nodig mag wees, stuur met betrekking tot die werking van daardie skema gedurende die tydperk wat geëindig het hoogstens drie maande voor die datum waarop bedoelde balansstaat, rekening en state aldus gestuur word, en met betrekking tot die maatskappy se posisie aan die einde van daardie tydperk, waarin onder meer aangetoon word—

(a) die bestuursmaatskappy se kapitale middele werklik vir die doeleindes van die skema gebruik of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar;

(b) die bedrag werklik deur die bestuursmaatskappy uit eie middele belê of gebruik in elke effektegroep;

(c) met betrekking tot elke effektegroep, die totale markwaarde van elk van die onderskeie effekte in daardie effektegroep opgeneem, en die waarde van elk van daardie effekte aangedui—

(i) as 'n persentasie van die totale waarde van bates in die betrokke effektegroep; en

(ii) as 'n persentasie van die totale bedrag aan effekte van daardie kategorie uitgereik deur die onderneming waarin die belegging gehou word,

en aangedui word watter van bedoelde effekte beurseffekte is en watter nie, asook die bedrag aan kontant wat in die effektegroep gehou word;

(d) die bedrag aan diwidende en rente en enige ander inkomste vir uitkering wat aan die groepvormende

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

underlying securities comprised in every unit portfolio, indicating the classes of income and the amount derived from each class, and how the income has been or is intended to be allocated, mentioning specifically the amount, if any, for amortization of securities in respect of wasting assets;

(e) the amount of the proceeds of capital gains, rights and bonus issues and any other accruals and receipts of a capital nature which have been or are to be invested in the scheme for the benefit of certificate holders, indicating the classes thereof and the amount derived from each class, but excluding amounts derived from the sale of units;

(f) the total amount derived from the sale of units, indicating the total amount paid in respect of compulsory charges, and the total amount paid in respect of the repurchase of units;

(g) the management company's income derived from all sources in the operation of the scheme, indicating the sources and the amount derived from each such source, and its net profit or loss derived from such operation;

(h) in respect of each unit portfolio, a review of fluctuations in the selling and repurchase prices per single unit during the period in question, including the highest and lowest selling prices and the highest and lowest repurchase prices; and

(i) if securities in respect of wasting assets are amortized, the basis adopted during the period in question for the amortization of such securities.

(2) Copies of the balance sheet, account and statements referred to in subsection (1) shall be kept available at the registered office of the management company for inspection during ordinary office hours by any holder of unit certificates in the unit trust scheme affected or other person *bona fide* interested in the purchase of unit certificates from the company.

(3) A management company shall in addition, within a period of 30 days after receipt of a written request from the registrar, or within such further period thereafter as the registrar may allow, lodge with the registrar such further information and explanations in connection with any balance sheet, account or statement referred to in subsection (1) as may be specified in the request.

(4) Every management company shall, in accordance with the regulations, lodge with the registrar—

(a) copies of all advertisements, brochures and pamphlets published or proposed to be published by the company or any of its authorized agents, and of all proposed additions thereto and variations thereof, signed and certified in the prescribed manner by or on behalf of the directors of the management company: Provided that the registrar may exempt the company to such extent and on such conditions as he may deem fit, from the obligation to lodge with him a copy of any such advertisement, brochure or pamphlet prior to its publication;

(b) a copy of every return or notice which the company is required to furnish to the Registrar of Companies under section 216 (2) of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973).

Appointment of auditor.

11. (1) A management company shall appoint as its auditor a person registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), who is in public practice.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

effekte opgeneem in elke effektegroep toegeval het, met aanduiding van die klasse van inkomste en die bedrag uit elke klas verkry, en hoe die inkomste verdeel is of bedoel is om verdeel te word, met spesiale vermelding van die bedrag, as daar is, vir die amortisasie van effekte ten opsigte van kwynende bates;

(e) die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte en enige ander toevallings en ontvangste van 'n kapitale aard wat ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate in die skema belê is of staan te word, met aanduiding van die klasse daarvan en die bedrag uit elke klas verkry, maar met uitsluiting van bedrae uit die verkoop van onderaandele verkry;

(f) die totale bedrag uit die verkoop van onderaandele verkry, met aanduiding van die totale bedrag aan verpligte koste betaal, en die totale bedrag ten opsigte van die terugkoop van onderaandele betaal;

(g) die inkomste deur die bestuursmaatskappy verkry uit alle bronne in verband met die bestuur van die skema, met vermelding van die bronne en die bedrag uit elke sodanige bron verkry, en sy netto wins of verlies uit die bestuur van die skema;

(h) met betrekking tot elke effektegroep, 'n oorsig van die wisselings in die verkoop- en terugkooppryse per enkele onderaandeel gedurende die betrokke tydperk, met inbegrip van die hoogste en laagste verkooppryse en die hoogste en laagste terugkooppryse; en

(i) indien effekte ten opsigte van kwynende bates geamortiseer word, die basis gedurende die betrokke tydperk vir die amortisasie van sodanige effekte geneem.

(2) Afskrifte van die in subartikel (1) bedoelde balansstaat, rekening en state moet by die geregistreerde kantoor van die bestuursmaatskappy beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur enige besitter van onderaandeelsertifikate in die betrokke effekte-trustskema of ander persoon wat *bona fide* in die aankoop van onderaandeelsertifikate van die maatskappy belang stel.

(3) 'n Bestuursmaatskappy moet bowendien binne 'n tydperk van 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek van die registrateur, of binne so 'n verdere tydperk daarna as wat die registrateur mag toelaat, aan die registrateur sodanige verdere inligting en verduidelikings in verband met 'n in subartikel (1) bedoelde balansstaat, rekening of staat verstrek as wat in die versoek aangedui mag word.

(4) Elke bestuursmaatskappy moet—

(a) eksemplare van alle advertensies, brosjures en pamflette wat deur die maatskappy of een van sy gemagtigde agente gepubliseer is of waarvan die publikasie in die vooruitsig gestel word, en van alle voorgestelde byvoegings daarby en wysigings daarvan, op die voorgeskrewe wyse onderteken en gesertifiseer deur of namens die direkteure van die bestuursmaatskappy;

(b) 'n afskrif van elke opgawe of kennisgewing wat kragtens artikel 216 (2) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), deur die bestuursmaatskappy aan die Registrateur van Maatskappye verstrek moet word,

ooreenkomstig die regulasies by die registrateur indien: Met dien verstande dat die registrateur die maatskappy kan onthef, vir sover en op die voorwaardes wat hy goedvind, van die verpligting om 'n eksemplaar van enige sodanige advertensie, brosjure of pamflet vóór die publikasie daarvan by hom in te dien.

Aanstelling van ouditeur.

11. (1) 'n Bestuursmaatskappy moet as sy ouditeur 'n persoon aanstel wat geregistreer is kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), en wat 'n openbare praktyk beoefen.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) No director or servant of a management company, and no firm of which any such director or servant is a member, shall be appointed as an auditor of that company.

(3) The auditor of a management company shall audit the books of every unit trust scheme managed by such company.

(4) The auditor shall satisfy himself that every account, statement and balance sheet prepared in compliance with section 10 or section 33, is properly drawn up so as to exhibit a true and fair view of the state of affairs of the management company according to the books kept by the management company and any other information which may be necessary for that purpose, and shall, if he has so satisfied himself, attest such account, statement or balance sheet accordingly, or, if he cannot so satisfy himself, attest it subject to such qualifications as he may deem necessary.

(5) The auditor shall report to the management company any irregularity or undesirable practice in the conduct of the business of the company or of any unit trust scheme managed by it which has come to his notice, and if that irregularity or undesirable practice is not rectified or discontinued within a period of one month as from the date upon which it was reported to the management company, the auditor shall report it to the registrar.

Provisions with regard to contents of price lists, advertisements, brochures and similar documents.

12. (1) If in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or by any of its authorized agents for the purpose of promoting the sale of units, the price of any unit is mentioned or a particular unit portfolio is referred to, the undermentioned particulars shall be clearly set forth therein with reference to each such unit or unit portfolio, namely—

(a) the management company's initial charge, expressed as a percentage of the made-up price of the unit offered;

(b) the management company's service charge;

(c) an undertaking by the management company to repurchase any number of units offered to it on the basis of prices calculated in accordance with the requirements of this Act and on the terms and conditions set forth in the trust deed;

(d) whether or not securities in respect of wasting assets included in the unit portfolio concerned are amortized.

(2) Any reference in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or by any of its authorized agents, to the yield to be derived from any unit offered for sale by the company, shall be confined—

(a) in the case of any such document published after the lapse of a period of 12 months following the date of the first offer of units to the public, to particulars of the yield, calculated in the manner prescribed in the relevant trust deed, for the last preceding period of 12 months for which dividends have been declared, and a statement as to any facts likely to influence future yield; and

(b) in the case of any such document published within the first-mentioned period, to information as to the probable yield calculated in a manner clearly set out in such document.

(3) If, in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or any of its authorized agents, it is stated that holders of unit certificates issued by the company are entitled to participate in its profits, there shall also be stated what amount was so distributed during

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Geen direkteur of werknemer van 'n bestuursmaatskappy, en geen firma waarvan so 'n direkteur of werknemer 'n lid is, word as ouditeur van daardie maatskappy aangestel nie.

(3) Die ouditeur van 'n bestuursmaatskappy moet die boeke ouditeer van elke effekte-trustskema wat deur daardie maatskappy bestuur word.

(4) Die ouditeur moet homself daarvan vergewis dat elke rekening, staat en balansstaat ter voldoening aan artikel 10 of artikel 33 opgemaak, behoorlik opgestel is ten einde 'n getroue en billike oorsig te gee van die stand van die sake van die bestuursmaatskappy volgens die boeke gehou deur die bestuursmaatskappy en enige ander inligting wat vir daardie doel nodig mag wees, en moet, indien hy homself aldus vergewis het, sodanige rekening, staat of balansstaat dienooreenkomstig waarmerk, of, indien hy homself nie aldus kan vergewis nie, dit waarmerk onderworpe aan die voorbehoude wat hy nodig ag.

(5) Die ouditeur moet aan die bestuursmaatskappy enige onreëlmatigheid of ongewenste praktyk rapporteer in verband met die bestuur van die maatskappy se bedryf, of van enige effekte-trustskema deur hom bestuur, wat onder sy aandag gekom het, en as daardie onreëlmatigheid of ongewenste praktyk nie binne 'n tydperk van een maand vanaf die datum waarop dit aan die bestuursmaatskappy gerapporteer is, uitgeskakel of gestaak word nie, moet die ouditeur dit aan die registrateur rapporteer.

Bepalings met betrekking tot inhoud van pryslyste, advertensies, brosjures en soortgelyke dokumente.

12. (1) Indien daar in 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente gepubliseer met die doel om die verkoop van onderaandele te bevorder, die prys van enige onderaandeel vermeld word of na 'n bepaalde effektegroep verwys word, moet onderstaande besonderhede met betrekking tot elke sodanige onderaandeel of effektegroep duidelik daarin aangegee word, te wete—

(a) die bestuursmaatskappy se aanvangsheffing, aangedui as 'n persentasie van die insetprys van die aangebode onderaandeel;

(b) die bestuursmaatskappy se diensgeld;

(c) 'n onderneming deur die bestuursmaatskappy om enige getal onderaandele wat hom aangebied word, terug te koop op die grondslag van pryse bereken ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet en op die bedinge en voorwaardes in die trustakte vervat;

(d) of effekte ten opsigte van kwynende bates opgeneem in die betrokke effektegroep geamortiseer word al dan nie.

(2) Enige verwysing in 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enige van sy gemagtigde agente uitgegee, na die opbrengs wat verkry kan word uit 'n onderaandeel deur die maatskappy te koop aangebied, moet beperk word—

(a) in die geval van so 'n dokument uitgegee na verstryking van 'n tydperk van 12 maande na die datum waarop onderaandele die eerste keer aan die publiek aangebied word, tot besonderhede van die opbrengs, bereken op die wyse in die betrokke trustakte voorgeskryf, vir die laaste vorige tydperk van 12 maande waarvoor diwidende verklaar is, en 'n verklaring aangaande feite wat die toekomstige opbrengs waarskynlik sal beïnvloed; en

(b) in die geval van so 'n dokument binne eersbedoelde tydperk uitgegee, tot inligting omtrent die waarskynlike opbrengs bereken op 'n wyse wat duidelik in dié dokument uiteengesit word.

(3) Indien daar in 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente gepubliseer, verklaar word dat besitters van onderaandeelsertifikate deur die maatskappy uitgereik, die reg het om in sy winste te deel, moet daar ook vermeld

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

the previous financial year, expressed as a percentage of the aggregate market value, as at the close of that year, of all underlying securities then held by the trustees on behalf of unit certificate holders.

(4) There shall be included in every price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or any of its authorized agents in which such company's units are commended to the public, a statement in clear and unambiguous terms, to the effect that the value of units in each unit portfolio is subject to fluctuation from time to time relative to the market value of the underlying securities comprised in the unit portfolio: Provided that the registrar may in his discretion, and subject to such conditions as he may deem fit, exempt the management company or any such agent from the obligation to comply with this subsection in relation to any advertisement or any particular type of advertisement which is of such a nature that it would be unreasonable to require the management company or such agent to comply with this subsection in relation thereto.

Registrar may object to terms of price list, advertisement, brochure and similar documents published or proposed to be published by management company or its agent.

13. The registrar may disapprove of the terms of any price list, advertisement, brochure or similar document relating to a unit trust scheme published or proposed to be published by a management company or any of its authorized agents if in his opinion the said terms are calculated to mislead or are, for any other good and sufficient reason, objectionable, and he may direct the management company to discontinue or refrain from publication of any such document, or to introduce such variations or modifications of its terms as he may specify.

Exercise of voting power by management company.

14. If a management company or its nominee exercises the voting power conferred by the underlying securities held in trust under a unit trust scheme, the management company or such nominee shall owe a duty to the holders of unit certificates issued pursuant to that scheme to exercise that voting power in such a manner as is best calculated to serve the interests of those holders without, however, entirely subordinating the interests of the company in which the voting power is held, to the immediate interests of such holders.

Sale of units only for cash and restriction on loans against security of units.

15. No management company shall—

(a) sell or offer for sale any unit under a unit trust scheme except on terms requiring payment of the full purchase price of the unit to be made upon the acceptance by the management company or any of its duly authorized agents, of the purchaser's offer for the purchase of the unit;

(b) lend or advance any money on the security of units sold by it or by any other management company in relation to which it is either a holding company or a subsidiary company within the meaning of those terms as defined in the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973).

No management company or director thereof may derive unauthorized gain from acquisition of underlying securities.

16. (1) No management company and no director thereof shall either directly or indirectly derive any pecuniary advantage from the acquisition or sale, by such company, of any securities for the purposes of a unit trust scheme carried on or proposed to be carried on by it, except such advantage as may in the ordinary course of its business accrue to the company by virtue of any difference between the price at which it acquires the underlying securities and the price at which units therein are subsequently

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

word welke bedrag gedurende die voorafgaande boekjaar aldus uitgekeer is, aangegee as 'n persentasie van die totale markwaarde aan die einde van daardie jaar van alle groepvormende effekte wat toe deur die trustees ten behoewe van besitters van onderaandeelsertifikate gehou is.

(4) In elke pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente gepubliseer waarin daardie maatskappy se onderaandele by die publiek aanbeveel word, moet daar 'n verklaring in duidelike en ondubbelsinnige bewoording verskyn met die strekking dat die waarde van onderaandele in elke effektegroep van tyd tot tyd aan skommelinge onderhewig is in verhouding tot die markwaarde van die groepvormende effekte wat in die groep opgeneem is: Met dien verstande dat die registrateur volgens goeddunke en onderhewig aan die voorwaardes wat hy goedvind, die bestuursmaatskappy of so 'n agent kan onthef van die verpligting om aan hierdie subartikel te voldoen met betrekking tot een of ander advertensie of een of ander bepaalde soort advertensie wat van so 'n aard is dat dit onredelik sou wees om te vereis dat die maatskappy of so 'n agent met betrekking daartoe aan hierdie subartikel moet voldoen.

Registrateur kan beswaar maak teen bewoording van pryslys, advertensie, brosjure en soortgelyke dokumente wat deur bestuursmaatskappy of sy agent gepubliseer is of gaan word.

13. Die registrateur kan die bewoording van 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument wat op 'n effekte-trustskema betrekking het en wat deur 'n bestuursmaatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente gepubliseer is of gaan word, afkeur indien daardie bewoording volgens sy mening daarop bereken is om te mislei of om enige ander afdoende rede afkeurenswaardig is, en hy kan die bestuursmaatskappy gelas om so 'n dokument nie te publiseer nie of om publikasie daarvan te staak, of om die wysigings of verbeterings van die bewoording daarvan wat hy voorskryf, aan te bring.

Uitoefening van stemreg deur bestuursmaatskappy.

14. Ingeval 'n bestuursmaatskappy of sy genomineerde die stemreg verbonde aan die groepvormende effekte wat ingevolge 'n effekte-trustskema in trust gehou word, uitoefen, is die bestuursmaatskappy of daardie genomineerde onder verpligting teenoor die besitters van onderaandeelsertifikate wat ingevolge daardie skema uitgereik is, om bedoelde stemreg uit te oefen op 'n wyse wat daarop bereken is om die belange van die besitters van daardie sertifikate ten beste te dien, sonder om egter die belange van die maatskappy waarin die stemreg besit word, geheel en al ondergeskik te stel aan die onmiddellike belange van sodanige besitters.

Verkoping van onderaandele slegs teen kontant en beperking op lenings teen waarborg van onderaandele.

15. Geen bestuursmaatskappy mag—

(a) 'n onderaandeel ingevolge 'n effekte-trustskema verkoop of te koop aanbied nie behalwe op voorwaardes waarvolgens betaling van die volle koopprys van die onderaandeel moet geskied by ontvangs deur die bestuursmaatskappy of enigeen van sy behoorlik gemagtigde agente, van die koper se aanbod vir die aankoop van die onderaandeel;

(b) geld leen of voorskiet nie teen sekerheid van onderaandele wat verkoop is deur daardie bestuursmaatskappy of deur enige ander bestuursmaatskappy met betrekking waartoe eersgenoemde òf 'n kontrolerende òf 'n filiaalmaatskappy is volgens die omskrywing van daardie uitdrukkings in die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

Geen bestuursmaatskappy of direkteur daarvan mag ongeoorloofde wins uit verkryging van groepvormende effekte behaal nie.

16. (1) Geen bestuursmaatskappy en geen direkteur daarvan mag òf regstreeks òf onregstreeks enige geldelike voordeel uit die verkryging of verkoop van effekte deur so 'n maatskappy vir die doeleindes van 'n effekte-trustskema wat hy voortsit of gaan voortsit, behaal nie, behalwe sodanige voordeel as wat aan die maatskappy in die gewone loop van sy besigheid mag toeval uit hoofde van 'n verskil tussen die prys waarteen hy die groepvormende effekte verkry en die prys waarteen onderaandele daarin

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

sold or by virtue of any underwriting business done by it: Provided that a management company, acting as the agent of the holders of unit certificates, shall not be prohibited from sharing with a stock-broker in the broker's commissions arising out of transactions in securities in respect of a unit trust scheme: Provided further that a management company which has been appointed as an authorized dealer in foreign exchange shall not be prohibited from earning a profit on any foreign exchange transaction involving the purchase or sale of securities held outside the Republic.

(2) The provisions of subsection (1) shall not render unlawful any transaction whereby a management company acquires, for the purposes of a unit trust scheme, any securities—

(a) in and of a company in which the management company or any director thereof is a shareholder; or

(b) from any director of the management company, provided such director does not vote on the transaction and has, prior to the acquisition, made full disclosure to the management company of his interest in the securities in question, and the price at which they are acquired is not higher than the current market price.

Permissible deductions from distributable yields.

17. (1) If a management company amortizes the securities in respect of wasting assets included in a unit portfolio, the company shall deduct from the amounts accruing to the holders of unit certificates (not being the proceeds of capital gains, rights and bonus issues of shares) such amounts as may be considered necessary for the amortization of such securities, and such deducted amounts shall be invested in securities which shall be included in the unit portfolio concerned.

(2) No other amounts whatsoever than those referred to in subsection (1), an amount calculated to cover taxes and auditor's fees for which the unit portfolio in question is liable and the management company's service charge shall be deducted by the management company from the amounts accruing to the holders of unit certificates.

Change of investments.

18. (1) A management company may, if it considers it in the best interests of the holders of unit certificates to do so, sell or dispose of any of the underlying securities comprised in a unit portfolio, and shall substitute for such securities other underlying securities or cash equal in value to the net amount realized for the securities disposed of, less the compulsory charges in respect of the securities substituted.

(2) Every management company shall at least once every three months furnish to the registrar a full list of all the underlying securities, reflected in the manner required by section 10 (1) *(c)*, comprised in any unit portfolio managed by it, and any such list shall be kept available at the registered office of the management company and at the office of every authorized agent of the management company for inspection during ordinary office hours by any unit certificate holder or other person *bona fide* interested in the purchase of unit certificates from the company.

Limitation of amount of rounding-off accrual.

19. (1) No management company shall sell any unit under a unit trust scheme at a price which exceeds the made-up price of that unit: Provided that where units in a newly established unit portfolio are offered to the public for the first time, a management company shall be permitted to make an initial offer on a specified date or for a specified period of a specific number of units at a fixed price based on the made-up price of the units on a previous date, which shall not be more than 28 days prior to the closing date of the offer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

later verkoop word of uit hoofde van enige onderskrywingsbesigheid wat hy doen: Met dien verstande dat dit nie vir 'n bestuursmaatskappy wat as verteenwoordiger van die besitters van onderaandeelsertifikate optree, verbode is om met 'n effektemakelaar te deel in die makelaarsloon wat uit transaksies in effekte in verband met 'n effekte-trustskema voortspruit nie: Met dien verstande voorts dat dit nie vir 'n bestuursmaatskappy wat as 'n gemagtigde handelaar in vreemde valuta aangestel is, verbode is om uit enige transaksie in vreemde valuta waarby die koop of verkoop van effekte gehou buite die Republiek betrokke is, wins te maak nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) maak nie 'n transaksie onwettig waarvolgens 'n bestuursmaatskappy, vir die doeleindes van 'n effekte-trustskema, enige effekte verkry—

(a) in en van 'n maatskappy waarin die bestuursmaatskappy of enige direkteur daarvan 'n aandeelhouer is nie; of

(b) van enige direkteur van die bestuursmaatskappy, mits sodanige direkteur nie oor die transaksie stem nie, en voor die verkryging alles aangaande sy belang in die betrokke effekte aan die bestuursmaatskappy geopenbaar het en die prys waarteen hulle verkry word nie hoër as die heersende markprys is nie.

Toelaatbare aftrekkings van uitkeerbare opbrengste.

17. (1) Indien 'n bestuursmaatskappy die effekte ten opsigte van kwynende bates opgeneem in 'n effektegroep amortiseer, moet die maatskappy van die bedrae wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval (behalwe die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte van aandele) sodanige bedrae as wat nodig geag word vir die amortisasie van sodanige effekte aftrek, en die bedrae aldus afgetrek, moet belê word in effekte wat in die betrokke effektegroep opgeneem moet word.

(2) Geen ander bedrae hoegenaamd as die in subartikel (1) bedoelde bedrae, 'n bedrag bereken om belastings en ouditeursgelde waarvoor die betrokke effektegroep aanspreeklik is en die bestuursmaatskappy se diensgeld, mag deur die bestuursmaatskappy van die bedrae wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval, afgetrek word nie.

Verandering van beleggings.

18. (1) 'n Bestuursmaatskappy kan, indien hy dit in die beste belang van die besitters van onderaandeelsertifikate ag, enige van die groepvormende effekte opgeneem in 'n effektegroep verkoop of van die hand sit, en moet sodanige effekte vervang deur ander groepvormende effekte of kontant gelyk in waarde aan die netto bedrag verkry uit die effekte wat van die hand gesit is, min die verpligte koste ten opsigte van die effekte in die plek daarvan gestel.

(2) Elke bestuursmaatskappy lê ten minste een maal elke drie maande aan die registrateur 'n volledige lys voor waarin al die groepvormende effekte opgeneem in 'n effektegroep wat die maatskappy bestuur, volgens voorskrif van artikel 10 (1) *(c)* aangetoon word, en so 'n lys moet by die geregistreerde kantoor van die bestuursmaatskappy en by die kantoor van elke gemagtigde agent van die bestuursmaatskappy beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur enige besitter van onderaandeelsertifikate of ander persoon wat *bona fide* belangstel in die aankoop van onderaandeelsertifikate van die maatskappy.

Beperking op bedrag van afrondingstoevoeging.

19. (1) Geen bestuursmaatskappy mag 'n onderaandeel ingevolge 'n effekte-trustskema verkoop teen 'n prys wat die insetprys van daardie onderaandeel te bowe gaan nie: Met dien verstande dat waar onderaandele in 'n pas gestigte effektegroep vir die eerste maal aan die publiek aangebied word, dit vir 'n bestuursmaatskappy geoorloof is om 'n eerste aanbod op 'n bepaalde datum of vir 'n bepaalde tydperk van 'n bepaalde getal onderaandele te doen teen 'n vaste prys gebaseer op die insetprys van die onderaandele op 'n vorige datum, wat nie vroeër as 28 dae voor die sluitingsdatum van die aanbod is nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) In making payment to the holders of unit certificates of dividends accruing on the units belonging to them, a management company may round off, to the nearest one cent, any amount so paid by way of dividends in respect of every so many units as represents the minimum number which, in terms of the management company's rules, must be purchased at any one time: Provided that any amount which, by virtue of such rounding-off, is left in the hands of the company, shall be carried forward to the credit of unit certificate holders in the next ensuing dividend distribution.

Qualifications of trustees.

20. (1) No person other than—

(a) a company registered as a public company under the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);

(b) a company or institution incorporated under a special Act;

(c) an institution which is entitled to carry on business as a banking institution under the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965); or

(d) an institution which is registered as a domestic insurer under the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943),

shall become or act as a trustee under a unit trust scheme.

(2) No company or institution referred to in subsection (1) shall become or act as a trustee under a unit trust scheme unless it—

(a) maintains a paid-up capital and unimpaired reserves together amounting to not less than R1 000 000;

(b) has been registered by the Registrar as a trustee in relation to the particular scheme in question and is in possession of a valid certificate setting forth the fact of such registration.

(3) The registrar shall not register any company or institution as a trustee under this section unless he is satisfied that—

(a) such company or institution is not, in relation to the management company, either a holding company or a subsidiary company within the meaning of those terms as defined in the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973); and

(b) the general financial and commercial standing of such company or institution is such as to fit it for assuming the duties and responsibilities of a trustee and that the company or institution is by reason of the nature of its business sufficiently experienced and equipped to assume such duties and responsibilities,

and he may revoke any such certificate of registration already granted if at any time thereafter he ceases to be satisfied that the requisites mentioned in paragraphs *(a)* and *(b)* of this subsection are fulfilled by or in respect of the company or institution to which the certificate has been issued.

(4) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) or (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

(5) The registrar shall, before revoking a certificate of registration in terms of subsection (3), notify the person concerned of the grounds upon which such action is contemplated against him, and shall give him a reasonable opportunity of showing cause why the proposed action should not be taken, and every such person shall have the right to present his case verbally to the registrar and in doing so to be represented by any other person.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Wanneer 'n bestuursmaatskappy aan die besitters van onderaandeelsertifikate betaling doen van diwidende wat toeval op die onderaandele wat aan hulle behoort, kan die maatskappy enige bedrag wat aldus ten aansien van diwidende betaal word ten opsigte van elke soveel onderaandele as wat die minimum getal verteenwoordig wat ooreenkomstig die bestuursmaatskappy se reëls op 'n keer aangekoop moet word, tot die naaste sent afrond: Met dien verstande dat enige bedrag wat ingevolge so 'n afronding in die besit van die maatskappy bly, by die eersvolgende diwidenduitkering op die krediet van besitters van onderaandeelsertifikate oorgedra word.

Kwalifikasies van trustees.

20. (1) Geen ander persoon as—

(a) 'n maatskappy wat kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), as 'n publieke maatskappy geregistreer is;

(b) 'n maatskappy of instelling wat kragtens 'n besondere Wet ingelyf is;

(c) 'n instelling wat die reg het om kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), as 'n bankinstelling sake te doen; of

(d) 'n instelling wat kragtens die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), as 'n binnelandse versekeraar geregistreer is,

mag ingevolge 'n effekte-trustskema 'n trustee word of as sodanig optree nie.

(2) Geen in subartikel (1) bedoelde maatskappy of instelling mag ingevolge 'n effekte-trustskema 'n trustee word of as sodanig optree nie tensy hy—

(a) 'n opbetaalde kapitaal en onaangetaste reserwes wat tesame ten minste R1 000 000 bedra, handhaaf;

(b) deur die registrateur as 'n trustee met betrekking tot die bepaalde skema geregistreer is en in besit is van 'n geldige sertifikaat waarin die feit dat sodanige registrasie geskied het, vermeld word.

(3) Die registrateur mag geen maatskappy of instelling ingevolge hierdie artikel as 'n trustee registreer nie tensy hy oortuig is—

(a) dat sodanige maatskappy of instelling nie, met betrekking tot die bestuursmaatskappy, òf 'n kontrolerende maatskappy òf 'n filiaalmaatskappy volgens die omskrywing van daardie uitdrukkings in die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), is nie; en

(b) dat die algemene finansiële en handelstand van so 'n maatskappy of instelling sodanig is dat dit hom bevoeg maak om die pligte en verantwoordelikhede van 'n trustee te aanvaar en dat die maatskappy of instelling uit hoofde van die aard van sy besigheid voldoende ondervinding het en behoorlik toegerus is om daardie pligte en verantwoordelikhede te aanvaar,

en hy kan so 'n registrasiesertifikaat wat alreeds verleen is, intrek indien hy te eniger tyd daarna nie meer oortuig is nie dat aan die in paragrawe *(a)* en *(b)* van hierdie subartikel genoemde vereistes voldoen word deur of ten opsigte van die maatskappy of instelling waaraan die sertifikaat verleen is.

(4) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) of (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(5) Voordat die registrateur 'n registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (3) intrek, moet hy die betrokke persoon in kennis stel van die gronde waarop so 'n stap teen hom oorweeg word, en hom 'n redelike geleentheid gee om redes aan te voer waarom die voorgestelde stappe nie gedoen moet word nie, en elke sodanige persoon het die reg om sy saak mondelings aan die registrateur voor te dra en om by die doen daarvan deur enigiemand anders verteenwoordig te word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Duties and obligations of trustees.

21. (1) Every trustee under a unit trust scheme, whether he became such before or after the commencement of this Act, shall, if he intends to retire from the trust, give to the management company and to the registrar not less than six months' notice of such intention, and during the said period of six months the management company shall take steps to substitute as trustee under the trust deed some other person competent to act as such in terms of section 20.

(2) If the management company fails to take the steps mentioned in subsection (1) within the said period of six months, the registrar may, after consultation with the management company, direct the company to appoint as trustee under the trust deed a competent person, nominated by the registrar, who is willing to act as such.

(3) Any trustee under a unit trust scheme who fails to ensure *inter alia* that the provisions of the trust deed concerning the investment policy of the scheme are carried out, shall be guilty of an offence.

Matters which must be provided for in trust deeds.

22. (1) Every trust deed shall prescribe the rules for the administration of the unit trust scheme concerned and shall *inter alia* contain provisions to the following effect, namely—

(a) that the trustee shall, subject to the terms of the trust, hold the underlying securities in trust for the holders of unit certificates relating thereto;

(b) that the trustee shall countersign, graphically or otherwise, every unit certificate before it is delivered by the management company to a purchaser;

(c) that the trustee shall not so countersign any unit certificate unless he has received from the management company the cash proceeds of the issue of that certificate or securities to the required value, together with all documents necessary to effect transfer thereof;

(d) that—

(i) any moneys for investment accruing from the issue of units;

(ii) dividends, interest or any other income accruing on underlying securities;

(iii) the proceeds of capital gains, rights or bonus issues; and

(iv) any moneys received by the management company from the realization of underlying securities,

shall be handed to the trustee in cash or deposited in a trust account or accounts controlled by the trustee;

(e) that the proceeds of capital gains, rights and bonus issues shall be invested in the unit trust scheme concerned for the benefit of the holders of unit certificates;

(f) that it shall be incumbent upon the management company managing such scheme to repurchase, subject to such terms and conditions as may in terms of the trust deed apply, any number of units offered to it, on the basis of prices calculated not more than 24 hours previously or (if during the preceding 24 hours the stock exchange was closed) on such basis as may be prescribed in the trust deed;

(g) that the trust deed may be amended in accordance with section 23;

(h) that the initial charge shall not exceed five per cent of the made-up price of units.

(2) Every such trust deed shall further prescribe—

(a) the investment policy to be followed in respect of the scheme concerned;

(b) the manner in which the selling price of units is to be calculated;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Pligte en verpligtings van trustees.

21. (1) Elke trustee ingevolge 'n effekte-trustskema, hetsy hy dit voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet geword het, moet, indien hy voornemens is om hom aan die trust te onttrek, aan die bestuursmaatskappy en aan die registrateur minstens ses maande kennis van sodanige voorneme gee, en die bestuursmaatskappy moet gedurende bedoelde tydperk van ses maande stappe doen om 'n ander persoon wat volgens artikel 20 daartoe bevoeg is, as trustee ingevolge die trustakte in sy plek te stel.

(2) As die bestuursmaatskappy in gebreke bly om die in subartikel (1) bedoelde stappe binne genoemde tydperk van ses maande te doen, kan die registrateur, na oorlegpleging met die bestuursmaatskappy, die maatskappy gelas om 'n bevoegde deur die registrateur aangewese persoon wat bereid is om as sodanig op te tree, as trustee ingevolge die trustakte aan te stel.

(3) 'n Trustee ingevolge 'n effekte-trustskema wat versuim om onder andere toe te sien dat aan die bepalings van die trustakte met betrekking tot die beleggingsbeleid van die skema gevolg gegee word, is aan 'n misdryf skuldig.

Aangeleenthede waarvoor in trustaktes voorsiening gemaak moet word.

22. (1) Elke trustakte moet die reëls vir die administrasie van die betrokke effekte-trustskema voorskryf, en moet onder andere bepalings met die volgende strekking bevat, te wete—

(a) dat die trustee onderworpe aan die voorwaardes van die trust die groepvormende effekte in trust moet hou vir die besitters van onderaandeelsertifikate wat daarop betrekking het;

(b) dat die trustee elke onderaandeelsertifikaat grafies of andersins moet mede-onderteken voordat dit deur die bestuursmaatskappy aan 'n koper afgelewer word;

(c) dat die trustee 'n onderaandeelsertifikaat nie aldus mag mede-onderteken nie tensy die bestuursmaatskappy hom in besit gestel het van die kontantopbrengs van die uitreiking van daardie sertifikaat of van effekte tot die nodige waarde, tesame met alle dokumente wat nodig is om oordrag daarvan te bewerkstellig;

(d) dat—

(i) gelde wat vir belegging toeval uit die uitreiking van onderaandele;

(ii) diwidende, rente of enige ander inkomste wat aan groepvormende effekte toeval;

(iii) die opbrengs van kapitale winste, regte of bonusuitgifte; en

(iv) gelde wat deur die bestuursmaatskappy uit die verkoop van groepvormende effekte ontvang word,

aan die trustee in kontant oorhandig moet word of in 'n deur die trustee beheerde trustrekening of -rekenings inbetaal moet word;

(e) dat die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte in die betrokke effekte-trustskema ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate belê moet word;

(f) dat die bestuursmaatskappy wat die betrokke skema bestuur, verplig is om enige getal onderaandele wat hom aangebied word, terug te koop, onderworpe aan die bedinge en voorwaardes wat ingevolge die trustakte van toepassing is, op die grondslag van pryse wat hoogstens 24 uur tevore bereken is, of (indien die effektebeurs gedurende die voorafgaande 24 uur gesluit was) op die grondslag in die trustakte voorgeskryf;

(g) dat die trustakte ooreenkomstig artikel 23 gewysig mag word;

(h) dat die aanvangsheffing nie vyf persent van die insetprys van onderaandele mag oorskry nie.

(2) Elke trustakte moet verder voorskryf—

(a) die beleggingsbeleid wat ten opsigte van die betrokke skema gevolg moet word;

(b) die wyse waarop die verkoopprys van onderaandele bereken moet word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) the terms and conditions on which the management company will repurchase units and the manner in which the repurchase price is to be calculated;

(d) if the management company undertakes to amortize securities in respect of wasting assets, the manner in which provision is to be made for such amortization;

(e) if securities other than stock exchange securities may be included in any unit portfolio, the manner in which the market prices of such securities are to be determined for the purposes of the scheme;

(f) the manner in which units shall be transferred from one holder to another;

(g) if applicable, the manner in which additional units for sale to the public are to be created;

(h) the manner in which the yield from units is to be calculated;

(i) the manner in which the initial charge and the service charge are to be determined;

(j) the manner in which units are to be cancelled.

Certain void provisions of trust deeds, and amendment of trust deeds.

23. (1) Any provision in a trust deed relating to a unit trust scheme which is inconsistent with any provision of this Act shall be void.

(2) The parties to a trust deed may by supplemental deed alter or rescind any provision of such trust deed or add further provisions thereto, but no alteration or rescission of or addition to any trust deed shall be valid—

(2) 'n Afskrif van elke sodanige opgawe word beskikbaar gehou by die hoofkantoor en by elke takkantoor of agentskap van die bestuursmaatskappy vir kostelose insae, gedurende gewone kantoorure, deur enige besitter van 'n deur die maatskappy uitgereikte onderaandeelsertifikaat of iemand anders wat *bona fide* in die aankoop van sodanige sertifikate belangstel.

Inligting wat aan die registrateur verstrek moet word by verandering van groepvormende effekte.

32. (1) Wanneer ook al 'n geregistreerde bestuursmaatskappy in eiendomsaandele die samestelling van enige effektegroep waarin onderaandele verkoop is, verander deur verdere groepvormende effekte daaraan toe te voeg of deur met bestaande groepvormende effekte te handel op een of ander wyse beoog deur artikel 18, soos deur artikel 36 toegepas, moet die bestuursmaatskappy binne twee maande nadat so 'n verandering plaasgevind het, aan die registrateur 'n opgawe in 'n vorm wat voorgeskryf word, verstrek waarin vermeld word—

(a) volledige besonderhede betreffende enige effekte in en van enige vaste-eiendomsmaatskappy wat as gevolg van sodanige verandering aan so 'n effektegroep toegevoeg of daarin opgeneem is;

(b) die datum waarop sodanige verandering plaasgevind het en die getal onderaandele waarin enige sodanige effektegroep na die verandering verdeel is;

(c) volledige besonderhede van alle vasgoed wat besit word deur elke vaste-eiendomsmaatskappy waarvan effekte toegevoeg is aan of opgeneem is in enige sodanige effektegroep as gevolg van die verandering, asook 'n beskrywing van elke afsonderlike eiendom wat aan so 'n maatskappy behoort, die ligging daarvan, en 'n beraming van die jaarlikse inkomste en uitgawe wat waarskynlik daaruit verkry of in verband daarmee beloop sal word;

(d) die totale koste vir die bestuursmaatskappy van die effekte in en van elke vaste-eiendomsmaatskappy wat aan so 'n effektegroep toegevoeg of daarin opgeneem is as gevolg van die verandering in sy samestelling;

(e) indien sodanige verandering plaasgevind het as gevolg van die verkoop deur die bestuursmaatskappy van die groepvormende effekte wat in so 'n effektegroep opgeneem is, of sommige daarvan, die koste vir die bestuursmaatskappy van die groepvormende effekte wat aldus verkoop is, en die bedrag van die netto opbrengs van die verkoping;

(f) die prys waarteen onderaandele in enige sodanige groep daarna deur die bestuursmaatskappy verkoop sal word.

(2) Elke besitter van 'n deur die maatskappy uitgereikte onderaandeelsertifikaat en iemand anders wat *bona fide* in die aankoop van sodanige sertifikate belangstel, het die reg om kosteloos insae te verkry in 'n afskrif van elke sodanige opgawe, gedurende gewone kantoorure, by die hoofkantoor en by elke takkantoor of agentskap van die bestuursmaatskappy vir 'n tydperk van drie maande na die datum waarop die staat aan die registrateur verstrek is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Accounts and returns to be furnished by management company to holders of unit certificates and to registrar.

33. (1) Every management company in property shares shall, at least once in every calendar year, furnish to every holder of a unit certificate in the unit trust scheme managed by that company, and to the registrar, a balance sheet and an income and expenditure account, duly audited, and such other statements as may be necessary, in regard to the operation of that scheme during the period which ended not more than two months prior to the date upon which such balance sheet, account and statements are so furnished, and in regard to the company's position as at the end of that period, reflecting *inter alia*—

(a) the management company's capital resources actually employed or immediately available for employment for the purposes of the scheme;

(b) the amount actually invested or employed by the management company from its own resources in every unit portfolio;

(c) in respect of each unit portfolio, the amount of cash held in the unit portfolio, and the total value of each of the several securities included in that unit portfolio, and the value of each of those securities expressed as a percentage of the total value of assets in the unit portfolio concerned;

(d) the amount of the dividends and interest and any other income for distribution which have accrued to the underlying securities comprised in every unit portfolio, indicating the classes of income and the amount derived from each class, and how the income has been or is intended to be allocated, mentioning specifically the amount, if any, retained and invested in the scheme in respect of depreciation of assets;

(e) the amount of the proceeds of capital gains, rights and bonus issues and any other accruals and receipts of a capital nature which have been or are to be invested in the scheme for the benefit of unit certificate holders, indicating the classes thereof and the amount derived from each class, but excluding amounts derived from the sale of units;

(f) the total amount derived from the sale of units, indicating the total amount paid in respect of compulsory charges, and the total amount, if any, paid in respect of the repurchase of units;

(g) the management company's income derived from all sources in the operation of the scheme, indicating the sources and the amount derived from each such source, and its net profit or loss derived from such operation;

(h) in respect of each unit portfolio, a review of fluctuations in the prices per single unit during the period in question; and

(i) if amounts are retained in respect of depreciation of assets, the basis applied during the period in question for such depreciation.

(2) Every management company in property shares shall furnish to every holder of a unit certificate in the unit trust scheme managed by it, and to the registrar, together with the documents referred to in subsection (1), a balance sheet and an income and expenditure account, duly audited, relating to a period which ended upon a date not more than two months prior to the date upon which such balance sheet and account are furnished, in respect of—

(a) in the case of the registrar, every fixed property company shares of which are held in any unit portfolio; and

(b) in the case of such holder, every fixed property company shares of which are held in any unit portfolio

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Rekenings en opgawes moet deur bestuursmaatskappy aan besitters van onderaandeelsertifikate en aan registrateur verstrek word.

33. (1) Elke bestuursmaatskappy in eiendomsaandele moet minstens een maal elke kalenderjaar aan elke besitter van 'n onderaandeelsertifikaat in die effekte-trustskema wat daardie maatskappy bestuur en aan die registrateur, 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en inkomste- en uitgawerekening en die ander state wat nodig is, verstrek met betrekking tot die werking van daardie skema gedurende die tydperk wat geëindig het hoogstens twee maande voor die datum waarop bedoelde balansstaat, rekening en state aldus verstrek word, en met betrekking tot die maatskappy se posisie aan die end van daardie tydperk, waarin onder meer aangetoon word—

(a) die bestuursmaatskappy se kapitale middele werklik vir die doeleindes van die skema gebruik of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar;

(b) die bedrag wat die bestuursmaatskappy uit sy eie middele werklik in elke effektegroep belê of gebruik het;

(c) met betrekking tot elke effektegroep, die bedrag aan kontant wat in die effektegroep gehou word en die totale waarde van elk van die onderskeie effekte in daardie effektegroep opgeneem en die waarde van elk van daardie effekte aangedui as 'n persentasie van die totale waarde van bates in die betrokke effektegroep;

(d) die bedrag aan diwidende en rente en enige ander inkomste vir uitkering wat aan die groepvormende effekte opgeneem in elke effektegroep toegeval het, met aanduiding van die klasse van inkomste en die bedrag uit elke klas verkry, en hoe die inkomste verdeel is of bedoel is om verdeel te word, met spesiale vermelding van die bedrag, as daar is, wat teruggehou en belê is in die skema ten opsigte van waardevermindering van bates;

(e) die bedrag van die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte en enige ander toevallings en ontvangste van 'n kapitale aard wat ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate in die skema belê is of staan te word, met aanduiding van die klasse daarvan en die bedrag uit elke klas verkry, maar met uitsluiting van bedrae uit die verkoop van onderaandele verkry;

(f) die totale bedrag uit die verkoop van onderaandele verkry, met aanduiding van die totale bedrag aan verpligte koste betaal, en die totale bedrag, as daar is, ten opsigte van die terugkoop van onderaandele betaal;

(g) die inkomste deur die bestuursmaatskappy verkry uit alle bronne in verband met die bestuur van die skema, met vermelding van die bronne en die bedrag uit elke sodanige bron verkry, en sy netto wins of verlies uit sodanige bestuur verkry;

(h) met betrekking tot elke effektegroep, 'n oorsig van die wisselings in die pryse per enkele onderaandeel gedurende die betrokke tydperk; en

(i) indien bedrae ten opsigte van waardevermindering van bates teruggehou word, die grondslag wat gedurende die betrokke tydperk vir sodanige waardevermindering toegepas is.

(2) Elke bestuursmaatskappy in eiendomsaandele moet aan elke besitter van 'n onderaandeelsertifikaat in die effekte-trustskema wat deur daardie maatskappy bestuur word, en aan die registrateur, tesame met die dokumente in subartikel (1) bedoel, 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en inkomste- en uitgawerekening verstrek wat betrekking het op 'n tydperk wat geëindig het op 'n datum hoogstens twee maande voor die datum waarop sodanige balansstaat en rekening verstrek word, ten opsigte van—

(a) in die geval van die registrateur, elke vaste-eiendomsmaatskappy waarvan aandele in 'n effektegroep opgeneem is; en

(b) in die geval van sodanige besitter, elke vaste-eiendomsmaatskappy waarvan aandele ingesluit is in 'n

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

in which such holder owns units on the first-mentioned date.

(3) Copies of the balance sheets, accounts and statements referred to in subsections (1) and (2) shall be kept available at the registered office of the management company for inspection during ordinary office hours by any holder of unit certificates in the unit trust scheme concerned or other person *bona fide* interested in the purchase of units from the company.

(4) A management company shall in addition, within a period of 30 days after receipt of a written request from the registrar, or within such further period thereafter as the registrar may allow, lodge with the registrar such further information and explanations in connection with any balance sheet, account or statement referred to in subsection (1) or (2), as may be specified in the request.

(5) Every management company shall, in accordance with the regulations, lodge with the registrar—

(a) copies of all advertisements, brochures and pamphlets published or proposed to be published by the management company or any of its authorized agents, and of all proposed additions thereto and variations thereof, signed and certified in the prescribed manner by or on behalf of the directors of the management company: Provided that the registrar may exempt the management company to such extent and on such conditions as he may deem fit, from the obligation to lodge with him a copy of any such advertisement, brochure or pamphlet, prior to its publication;

(b) a copy of every return or notice which the management company is required to furnish to the Registrar of Companies under section 216 (2) of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973).

Information to be disclosed in price list, advertisement, brochure and similar documents, and other conditions to be complied with by management company and trustee.

34. (1) The undermentioned particulars shall be disclosed in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or any of its authorized agents, and at his request to every prospective purchaser of units from the company, namely—

(a) the number and nominal value of each of the several underlying securities comprised in each of its unit portfolios;

(b) whether or not the management company undertakes to repurchase units from the holders thereof and, if so, the terms and conditions on which such repurchase will take place.

(2) There shall further be disclosed in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or any of its authorized agents, and the management company shall also bring up in its accounts, details of all immovable property held by every fixed property company of which there are shares included in any of its portfolios, showing separately, in the case of each such property, the net price or valuation at which it was acquired by the fixed property company concerned, and any other expenditure incurred by the company in connection with the acquisition thereof, such as agents' commission and transfer costs.

(3) The registrar may in his discretion, and subject to such conditions as he may deem fit, exempt a management company or any of its authorized agents from the obligation to comply with any provision of subsection (1) or (2) in respect of any advertisement, brochure, pamphlet or similar document the scope of which is confined to one or more of the following matters, namely—

(a) stating the name and type of the unit trust scheme;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

effektegroep waarin die besitter op die eersgemelde datum onderaandele besit.

(3) Afskrifte van die in subartikels (1) en (2) bedoelde balansstate, rekenings en state moet by die geregistreerde kantoor van die bestuursmaatskappy beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur enige besitter van onderaandeelsertifikate in die betrokke effekte-trustskema of ander persoon wat *bona fide* in die aankoop van onderaandele van die maatskappy belangstel.

(4) 'n Bestuursmaatskappy moet bowendien binne 'n tydperk van 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek van die registrateur, of binne dié verdere tydperk daarna wat die registrateur toelaat, aan die registrateur dié verdere inligting en verduidelikings in verband met 'n in subartikel (1) of (2) bedoelde balansstaat, rekening of staat verstrek wat in die versoek aangedui word.

(5) Elke bestuursmaatskappy moet—

(a) eksemplare van alle advertensies, brosjures en pamflette wat deur die bestuursmaatskappy of een van sy gemagtigde agente gepubliseer is of waarvan die publikasie in die vooruitsig gestel word, en van alle voorgestelde byvoegings daarby en wysigings daarvan, op die voorgeskrewe wyse onderteken en gesertifiseer deur of namens die direkteure van die bestuursmaatskappy;

(b) 'n afskrif van elke opgawe of kennisgewing wat kragtens artikel 216 (2) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), deur die bestuursmaatskappy aan die Registrateur van Maatskappye verstrek moet word,

ooreenkomstig die regulasies by die registrateur indien: Met dien verstande dat die registrateur die bestuursmaatskappy kan onthef, vir sover en op die voorwaardes wat hy goedvind, van die verpligting om 'n eksemplaar van enige sodanige advertensie, brosjure of pamflet vóór die publikasie daarvan by hom in te dien.

Inligting wat in pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokumente bekendgemaak moet word, en ander voorwaardes waaraan bestuursmaatskappy en trustee moet voldoen.

34. (1) Ondergemelde gegewens moet verstrek word in elke pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument wat deur 'n bestuursmaatskappy of een van sy gemagtigde agente gepubliseer word, en op sy versoek aan elke voornemende koper van onderaandele van die maatskappy, naamlik—

(a) die getal en nominale waarde van elk van die verskeie groepvormende effekte waaruit elk van sy groepe bestaan;

(b) of die bestuursmaatskappy onderneem om onderaandele van die besitters daarvan terug te koop al dan nie en, indien wel, die bedinge en voorwaardes waarop sodanige terugkoop sal geskied.

(2) In elke pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument wat deur 'n bestuursmaatskappy of een van sy gemagtigde agente gepubliseer word, en ook deur 'n bestuursmaatskappy in sy rekenings, moet besonderhede verstrek word omtrent alle vaste eiendom wat besit word deur elke vaste-eiendomsmaatskappy waarvan daar aandele in enige van die bestuursmaatskappy se groepe opgeneem is, met afsonderlike vermelding, in die geval van elke sodanige eiendom, van die netto prys of waardasie waarteen dit deur die betrokke vaste-eiendomsmaatskappy verkry is, en alle ander uitgawes wat deur die maatskappy in verband met die verkryging daarvan opgeloop is, soos kommissie aan agente en transportkoste.

(3) Die registrateur kan na goeddunke en onderworpe aan die voorwaardes wat hy goedvind, 'n bestuursmaatskappy of enige van sy gemagtigde agente onthef van die verpligting om aan enige bepaling van subartikel (1) of (2) te voldoen ten opsigte van enige advertensie, brosjure, pamflet of soortgelyke dokument waarvan die bestek tot een of meer van die volgende beperk is, naamlik—

(a) vermelding van die naam en soort van die effektetrustskema;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) describing and commending the class of investment authorized;

(c) indicating the minimum amount which can be invested under the scheme;

(d) stating that full information can be obtained on application at a given address.

(4) A management company of a unit trust scheme in property shares shall not—

(a) introduce into or have in a unit portfolio shares in a fixed property company an asset of which is pledged, hypothecated or otherwise encumbered (other than by a praedial servitude) or which is liable under a guarantee to discharge the liabilities of any other person in the event of the failure of that person to do so; and

(b) sell to or place in a unit portfolio shares in a fixed property company at a price which exceeds the price actually paid by the management company therefor: Provided that this paragraph shall not be construed as prohibiting the management company from taking into account any appreciation in the value of shares in determining the aggregate value of the underlying securities comprised in a unit portfolio.

(5) It shall not be lawful for a director of any such management company to have any personal interest, direct or indirect, in the acquisition or disposal, by any such fixed property company, of any immovable property which forms part of its assets.

Listing of units by stock exchange.

35. Every registered management company in property shares which does not undertake to repurchase units issued by it from any holder thereof shall apply for permission for such units to be dealt in on a licensed stock exchange and shall ensure that the requirements of such stock exchange for inclusion of the units in its list of the stocks and shares which may be dealt in on such exchange are complied with.

Certain provisions of Part I to apply to and in respect of unit trust schemes in property shares.

36. Sections 5, 8, 9, 11, 12 (1), (2) and (3) (excluding subsection (1) *(c)*), 13, 14, 15, 16, 17, 18 (1), 19, 20, 21, 22 (excluding subsections (1) *(f)* and (2) *(c)*), 23, 24, 25, 26, 27 and 28 shall *mutatis mutandis* and in so far as they can be applied, apply to and in respect of a management company in property shares and a trustee under a unit trust scheme in property shares, and in the application thereof a reference therein to amortization of wasting assets shall be construed as a reference to depreciation of assets.

PART III

GENERAL

Prohibition of schemes analogous to unit trust schemes, subject to exceptions.

37. (1) Subject to the provisions of subsection (2), no person shall do any act or enter into any agreement or transaction for the purpose of establishing, carrying on or managing any scheme, other than a unit trust scheme in terms of this Act, in pursuance of which members of the public are or will be invited or permitted for valuable consideration to acquire an interest or undivided share in an asset or one or more groups of assets and to participate proportionately in the income or profits derived therefrom.

(2) *(a)* The provisions of subsection (1) shall not apply in respect of a scheme or arrangement permitting of participation in specified mortgage bonds and which the registrar has exempted from the provisions of this Act, as he is hereby empowered to do on such conditions as he may deem fit, and the registrar shall, on such conditions as he may deem fit, so exempt

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) beskrywing en aanbeveling van die soort belegging wat gemagtig word;

(c) aanduiding van die minimum bedrag wat ingevolge die skema belê kan word;

(d) vermelding dat volledige besonderhede op aanvraag by 'n gegewe adres verkry kan word.

(4) 'n Bestuursmaatskappy van 'n effekte-trustskema in eiendomsaandele mag nie—

(a) aandele van 'n vaste-eiendomsmaatskappy waarvan 'n bate verpand, verhipotekeer of andersins beswaar is (anders as deur erfdiensbaarheid) of wat onder 'n waarborg aanspreeklik is om 'n verpligting van 'n ander persoon na te kom in geval van versuim van daardie persoon om dit te doen, in 'n effektegroep inbring of hou nie; en

(b) aandele van 'n vaste-eiendomsmaatskappy aan 'n effektegroep verkoop of daarin inbring teen 'n prys wat die prys oorskry wat werklik deur die bestuursmaatskappy daarvoor betaal is nie: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie so vertolk word dat dit die bestuursmaatskappy verbied om 'n styging in die waarde van die aandele in aanmerking te neem by die bepaling van die totale waarde van die groepvormende effekte waaruit 'n effektegroep bestaan nie.

(5) 'n Direkteur van so 'n bestuursmaatskappy is nie geoorloof om enige persoonlike belang, regstreeks of onregstreeks, te hê in die verkryging of verkoop deur so 'n vaste-eiendomsmaatskappy, van 'n vaste eiendom wat deel van sy bates uitmaak nie.

Notering van onderaandele deur effektebeurs.

35. Elke geregistreerde bestuursmaatskappy in eiendomsaandele wat nie onderneem om onderaandele deur hom uitgereik van enige besitter daarvan terug te koop nie, moet aansoek doen om goedkeuring dat op 'n gelisensieerde effektebeurs in daardie onderaandele besigheid gedryf mag word en moet toesien dat aan die vereistes van bedoelde effektebeurs vir insluiting van die onderaandele in sy lys van effekte waarin op daardie beurs besigheid gedryf mag word, voldoen word.

Sekere bepalings van Deel I is van toepassing op en ten opsigte van effekte-trustskemas in eiendomsaandele.

36. Artikels 5, 8, 9, 11, 12 (1), (2) en (3) (behalwe subartikel (1) *(c)*), 13, 14, 15, 16, 17, 18 (1), 19, 20, 21, 22 (behalwe subartikels (1) *(f)* en (2) *(c)*), 23, 24, 25, 26, 27 en 28 is *mutatis mutandis* en vir sover hulle toegepas kan word, op en ten opsigte van 'n bestuursmaatskappy in eiendomsaandele en 'n trustee ingevolge 'n effekte-trustskema in eiendomsaandele van toepassing, en by die toepassing daarvan word 'n verwysing daarin na amortisasie van kwynende bates vertolk as 'n verwysing na waardevermindering van bates.

DEEL III

ALGEMEEN

Verbod op skemas gelyksoortig aan effekte-trustskemas, behoudens uitsonderings.

37. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag niemand 'n handeling verrig of 'n ooreenkoms of transaksie aangaan nie vir die stigting, voortsetting of bestuur van enige skema, behalwe 'n effekte-trustskema ingevolge hierdie Wet, waarvolgens lede van die publiek uitgenooi of toegelaat word of sal word om teen geldwaardige teenprestasie 'n belang of onverdeelde aandeel in 'n bate of een of meer groepe bates te verkry en om eweredig in die daaruit verkreë inkomste of winste te deel nie.

(2) *(a)* Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n skema of reëling wat deelname in bepaalde verbande toelaat, en wat die registrateur van die bepalings van hierdie Wet vrygestel het, soos hy hierby gemagtig word om te doen op die voorwaardes wat hy goedvind, en die registrateur moet op die voorwaardes wat hy goedvind, elke sodanige

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

every such scheme or arrangement which provides that such mortgage bonds shall be registered in favour of a nominee company which he has approved.

(b) An application for exemption under paragraph *(a)* shall be lodged with the registrar before the scheme or arrangement in question is put into operation.

(3) Any person who contravenes any provision of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

Prohibition of misleading names and acts.

38. (1) No company shall, unless it is entitled to carry on business as a management company under this Act, or except with the specific permission of the registrar pending the lodging and disposal of an application by such company for registration as a management company under this Act, or pending the change of its name, include in or have as part of its name or style or in any description of its business any reference to units, unit portfolios, unit certificates, unit securities, unit trusts or mutual funds or any derivative thereof, and no person who is not entitled to carry on business as a management company or as a trustee under this Act or is not the authorized agent of a management company shall do any act calculated to lead the public to believe that any business carried on by such person consists of or is connected with the management or conduct of a unit trust scheme.

(2) The registrar may on application by a company which is required to change its name by virtue of the provisions of subsection (1) allow a reasonable period not exceeding 10 years to such company to effect such change.

(3) No person shall carry on a unit trust scheme under a name which includes the word "invest" or any derivative thereof.

Operation of Companies Act in relation to management companies.

39. (1) Save as expressly provided by this Act, the operation of the provisions of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), shall not be affected in relation to a management company within the meaning of this Act.

(2) In the application of section 357 of the said Act in respect of a management company, the registrar shall be deemed to be included among the persons to whom notice is required to be given under subsection (1) *(b)* of that section.

(3) In the application of section 427 (2) of the said Act in respect of a management company, section 346 (4) *(a)* shall be construed as if the words "or to the Registrar of Unit Trust Companies appointed under the Unit Trusts Control Act, 1947" were inserted after the words "shall be lodged with the Master" in that section.

(4) The registrar may, in respect of any management company which is being wound-up or judicially managed, by order in writing direct the liquidator or the judicial manager, as the case may be, to furnish him with a copy of any particular account, return, statement or other document which the liquidator or the judicial manager is required under any provision of the said Companies Act, to furnish to the Registrar of Companies or to the Master, or to furnish him from time to time with copies of all or any of such accounts, returns, statements or documents as and when they are furnished to the said Registrar or to the Master.

(5) Immediately after the confirmation of the final account in the winding-up of a management company, the Master of the Supreme Court concerned shall give the registrar notice thereof.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

skema of reëling wat bepaal dat sodanige verbande geregistreer moet word ten gunste van 'n benoemde maatskappy wat hy goedgekeur het, aldus vrystel.

(b) 'n Aansoek om vrystelling ingevolge paragraaf *(a)* moet by die registrateur ingedien word voordat die betrokke skema of reëling in werking gestel word.

(3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

Verbod op misleidende name en handelinge.

38. (1) Geen maatskappy mag, tensy hy geregtig is om as 'n bestuursmaatskappy ingevolge hierdie Wet sake te doen, of behalwe met die uitdruklike verlof van die registrateur in afwagting van die indiening en afhandeling van 'n aansoek deur die maatskappy om registrasie as 'n bestuursmaatskappy ingevolge hierdie Wet of in afwagting van die verandering van sy naam, enige verwysing na onderaandele, effektegroepe, onderaandeelsertifikate, groepeffekte, effektetrusts of onderlinge fondse of 'n afleiding daarvan in sy naam of titel of in enige beskrywing van sy besigheid opneem of as deel daarvan behou nie, en niemand wat nie geregtig is om as 'n bestuursmaatskappy of as 'n trustee ingevolge hierdie Wet sake te doen of nie die gemagtigde agent van 'n bestuursmaatskappy is nie, mag enige handeling verrig wat daarop bereken is om die publiek te laat glo dat enige besigheid wat deur so iemand gedryf word, uit die bestuur of voortsetting van 'n effekte-trustskema bestaan of daarmee in verband staan nie.

(2) Die registrateur kan op aansoek deur 'n maatskappy wat uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) sy naam moet verander, aan dié maatskappy 'n redelike tydperk van hoogstens 10 jaar toelaat om die verandering aan te bring.

(3) Niemand mag 'n effekte-trustskema voortsit onder 'n naam wat die woord „belê" of enige afleiding daarvan insluit nie.

Toepassing van Maatskappywet met betrekking tot bestuursmaatskappye.

39. (1) Behoudens die uitdruklike bepalings van hierdie Wet word die toepassing van die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), met betrekking tot 'n bestuursmaatskappy volgens die bedoeling van hierdie Wet, nie geraak nie.

(2) By die toepassing van artikel 357 van bedoelde Wet ten opsigte van 'n bestuursmaatskappy, word die registrateur geag ingesluit te wees onder die persone aan wie kennis kragtens subartikel (1) *(b)* van daardie artikel gegee moet word.

(3) By die toepassing van artikel 427 (2) van bedoelde Wet ten opsigte van 'n bestuursmaatskappy, word artikel 346 (4) *(a)* uitgelê asof die woorde „of aan die Registrateur van Effektetrustmaatskappye aangestel kragtens die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947" voor die woord „ingedien" ingevoeg was.

(4) Die registrateur kan ten opsigte van 'n bestuursmaatskappy wat gelikwideer word of onder geregtelike bestuur is, die likwidateur of die geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, by skriftelike bevel gelas om hom te voorsien van 'n afskrif van 'n bepaalde rekening, opgaaf, staat of ander dokument wat die likwidateur of die geregtelike bestuurder kragtens een of ander bepaling van bedoelde Maatskappywet aan die Registrateur van Maatskappye of aan die Meester moet verstrek, of om hom van tyd tot tyd te voorsien van afskrifte van alle of enigeen van sodanige rekenings, opgawes, state of dokumente na gelang hulle aan bedoelde Registrateur of aan die Meester verstrek word.

(5) Onmiddellik na die bekragtiging van die finale rekening in die likwidasie van 'n bestuursmaatskappy moet die betrokke Meester van die Hooggeregshof die registrateur daarvan in kennis stel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Exemption from Act 34 of 1934.

40. The Trust Moneys Protection Act, 1934 (Act No. 34 of 1934), shall not apply in respect of a unit trust scheme operated in terms of this Act.

Annual report by registrar.

41. The registrar shall once in every calendar year submit to the Minister a report concerning the activities of all registered management companies and, in general, concerning all matters relating to the promotion or management of unit trust or analogous schemes, and the Minister shall lay such report upon the Table of the House of Assembly within 14 days after the receipt thereof if Parliament is then in session, or if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

Regulations.

42. (1) The Minister may make regulations with regard to any matter which, in terms of any provision of this Act, is required or permitted to be prescribed, or which it may be necessary or expedient to prescribe in order that the provisions of this Act may be effectively and conveniently administered.

(2) The registrar may prescribe the forms to be used for the purposes of this Act.

(3) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties, not exceeding a fine of R200, for the late rendition by any person of any balance sheet, account, statement, document or report required to be furnished in terms of any provision of this Act.

(4) Any penalty prescribed under subsection (3) may vary according to the period which has elapsed since the last date on which the balance sheet, account, statement, document or report in question was required to be made, transmitted or deposited, and may provide that the registrar may in his discretion grant an extension of time for the transmission or deposit of any such balance sheet, account, statement, document or report.

(5) Any penalty payable under subsection (3) shall be a debt due to the Government and may be recovered by the registrar by action in any competent court.

(6) Any regulations made under this section shall be laid upon the Table of the House of Assembly within 14 days of their publication, if Parliament is then in session, or if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

Offences.

43. Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of sections 5 (6), 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 15, 16, 17, 18, 19 or 21, 25 (3) or (4), 31, 32, 33, 34, 35 or 38, or who fails to comply with any lawful direction or requirement of the registrar under any provision of this Act, shall be guilty of an offence.

General penalties.

44. Any person who is, in terms of any provision of this Act, guilty of an offence in respect of which no penalty is specifically provided, shall be liable to a fine not exceeding R600 or to imprisonment for a period not exceeding 18 months or to both such fine and such imprisonment.

Application to South West Africa.

45. This Act and any amendment thereof shall also apply in the territory of South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.

Repeal and amendment of laws.

46. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the laws set out in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

(2) Anything done or deemed to have been done under any provision of a law repealed by subsection (1), and which could be done under a provision of this Act, shall be deemed to have been done under the last-mentioned provision.

Short title.

47. This Act shall be called the Unit Trusts Control Act, 1981.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Vrystelling van Wet 34 van 1934.

40. Die Trustgelde Beskermings Wet, 1934 (Wet No. 34 van 1934), is nie op 'n effekte-trustskema wat ingevolge hierdie Wet bestuur word, van toepassing nie.

Jaarverslag van registrateur.

41. Die registrateur moet een maal elke kalenderjaar aan die Minister 'n verslag voorlê aangaande die bedrywighede van alle geregistreerde bestuursmaatskappye en oor die algemeen betreffende alle aangeleenthede wat op die instelling of bestuur van effekte-trust- of gelyksoortige skemas betrekking het, en die Minister lê sodanige verslag in die Volksraad ter Tafel binne 14 dae nadat hy dit ontvang het as die Parlement dan in sessie is, of as die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

Regulasies.

42. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid wat ingevolge een of ander bepaling van hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word, of wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die doelmatige en gerieflike uitvoering van die bepalings van hierdie Wet te verseker.

(2) Die registrateur kan die vorms voorskryf wat by die toepassing van hierdie Wet gebruik moet word.

(3) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe voorskryf wat 'n boete van R200 nie te bowe gaan nie, vir die laat voorlegging deur enige persoon van 'n balansstaat, rekening, staat, dokument of verslag wat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet verstrek moet word.

(4) Enige boete wat by subartikel (3) voorgeskryf word, kan wissel na gelang van die tydperk wat verstryk het sedert die laaste datum waarop die betrokke balansstaat, rekening, staat, dokument of verslag verstrek, versend of ingedien moes gewees het, en kan bepaal dat die registrateur na goeddunke die tydperk vir die versending of indiening van so 'n balansstaat, rekening, staat, dokument of verslag kan verleng.

(5) 'n Boete ingevolge subartikel (3) betaalbaar, maak 'n skuld betaalbaar aan die Staat uit en kan deur die registrateur by aksie in 'n bevoegde hof verhaal word.

(6) Regulasies wat kragtens hierdie artikel uitgevaardig word, moet in die Volksraad ter Tafel gelê word binne 14 dae na die publikasie daarvan as die Parlement dan in sessie is, of as die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

Oortredings.

43. Iemand wat 'n bepaling van artikel 5 (6), 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 15, 16, 17, 18, 19 of 21, 25 (3) of (4), 31, 32, 33, 34, 35 of 38 oortree of versuim om daaraan te voldoen, of wat versuim om aan 'n wettige voorskrif of vereiste van die registrateur ingevolge een of ander bepaling van hierdie Wet te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Algemene strawwe.

44. Elkeen wat ingevolge een of ander bepaling van hierdie Wet skuldig is aan 'n oortreding ten opsigte waarvan geen straf bepaaldelik voorgeskryf word nie, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R600 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 18 maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

Toepassing in Suidwes-Afrika.

45. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is van toepassing ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

Herroeping en wysiging van wette.

46. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die wette in die Bylae vermeld hierby herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit.

(2) Enigiets gedoen of geag gedoen te gewees het kragtens 'n bepaling van 'n wet wat by subartikel (1) herroep word, en wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word geag kragtens laasgenoemde bepaling gedoen te wees.

Kort titel.

47. Hierdie Wet heet die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Schedule

LAWS REPEALED

No. and year	Short title	Extent of repeal
Act No. 18 of 1947	Unit Trusts Control Act, 1947	The whole.
Act No. 11 of 1962	Unit Trusts Control Amendment Act, 1962.....	The whole.
Act No. 68 of 1962	Inspection of Financial Institutions Act, 1962	Section 11 in so far as it amends the Unit Trusts Control Act, 1947.
Act No. 65 of 1963	Unit Trusts Control Amendment Act, 1963.....	The whole.
Act No. 48 of 1964	Participation Bonds Act, 1964	Sections 14 and 15.
Act No. 58 of 1966	Second Finance Act, 1966.....	Sections 5 and 6.
Act No. 99 of 1967	Financial Institutions Amendment Act, 1967.....	Sections 1 and 2.
Act No. 65 of 1968	Financial Institutions Amendment Act, 1968.....	Sections 4, 5, 6, 7, 8, 9 and 10.
Act No. 75 of 1970	Second Financial Institutions Amendment Act, 1970	Section 2.
Act No. 101 of 1976 ...	Financial Institutions Amendment Act, 1976.....	Sections 17, 18, 19 and 20.
Act No. 99 of 1980	Financial Institutions Amendment Act, 1980.....	Sections 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36 and 37.
Act No. 36 of 1981	Financial Institutions Amendment Act, 1981.....	Sections 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16 and 17.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Bylae

WETTE HERROEP

No. en jaar	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 18 van 1947 ..	Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947	Die geheel.
Wet No. 11 van 1962 ..	Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1962	Die geheel.
Wet No. 68 van 1962 ..	Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1962..	Artikel 11 vir sover dit die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947, wysig.
Wet No. 65 van 1963 ..	Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1963	Die geheel.
Wet No. 48 van 1964 ..	Wet op Deelnemingsverbande, 1964	Artikels 14 en 15.
Wet No. 58 van 1966 ..	Tweede Finansiewet, 1966	Artikels 5 en 6.
Wet No. 99 van 1967 ..	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1967	Artikels 1 en 2.
Wet No. 65 van 1968 ..	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1968	Artikels 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10.
Wet No. 75 van 1970 ..	Tweede Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1970	Artikel 2.
Wet No. 101 van 1976 .	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976	Artikels 17, 18, 19 en 20.
Wet No. 99 van 1980 ..	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1980	Artikels 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36 en 37.
Wet No. 36 van 1981 ..	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1981	Artikels 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16 en 17.